

Dronkenskap as verweer in die Suid-Afrikaanse strafreg: 'n Sober benadering?

Rinda Botha en Marina van Rooyen

Rinda Botha, Departement Publiekreg, Universiteit van die Vrystaat
Marina van Rooyen, Truter en Wessels Prokureurs, Ellisras

Opsomming

Die Suid-Afrikaanse strafreg het histories 'n ontoegeeflike benadering tot die dronkenskapverweer gevolg, maar later die Engelsregtelike reël van spesifieke opset aanvaar, wat 'n middeweg tussen die ontoegeeflike en toegeeflike benadering bied. Nadat die uitspraak in *S v Chretien* 1981 1 SA 1097 (A) in wese die reël van spesifieke opset afgeskaf het, moes die wetgewer noodgedwonge ingryp om die gevolge van die uitspraak te beheer. Hierdie artikel ondersoek of die daargestelde Strafwysigingswet 1 van 1998, en bepaald artikel 1, na wese geformuleer is en 'n sober strafregtelike benadering tot die dronkenskapverweer bied. Dít geskied aan die hand van 'n uiteensetting en vergelyking van die historiese en huidige regstandpunte en wetgewing in Suid-Afrika en Kanada, waarvan die regsontwikkeling in dié opsig duidelike ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse toon. In albei jurisdiksies is die spesifieke-opset-reël na ingrypende hofsake afgeskaf en het dit moontlik geword om die dronkenskapverweer te opeer vir misdade wat spesifieke opset en dié wat slegs gewone opset vereis. Ter wille van orde moes albei jurisdiksies wetgewing uitvaardig: artikel 1 van die Suid-Afrikaanse 1998-wet skep 'n statutêre misdaad waaraan 'n beskuldigde wat besope 'n misdryf pleeg, skuldig bevind mag word; die gewysigde Kanadese Strafwetboek weer skep die verweer van vrywillige dronkenskap, en stel vereistes vir die gebruik daarvan. Die vergelyking van die onderskeie stukke wetgewing dui daarop dat die voorgestelde wysigings aan artikel 1 van die wet waarmee De Chermont in 1998 vorendag gekom het, en wat outeurs soos Burchell ondersteun, kernleemtes in die Suid-Afrikaanse wet sal oorbrug en dit in pas met die (straks soberder) Kanadese wet sal bring. Aanbevelings ter versterking van De Chermont se voorstelle word ook gedoen, naamlik groter duidelikheid oor of artikel 1 vir iemand geld wat weens dronkenskap nie willekeurig kon handel nie, en 'n pertinente bepaling dat artikel 1 toegepas moet word op misdade wat tydens die ligste graad van dronkenskap gepleeg word maar opset nie gevorm kon word nie, indien 'n nalatighedsopsie ontbreek.

Trefwoorde: Kanada; opset; strafregtelike aanspreeklikheid; Strafwysigingswet 1 van 1998, artikel 1; Suid-Afrika; toerekeningsvatbaarheid; vrywillige dronkenskap; willekeurige handeling

Abstract

Intoxication as a defence in South African criminal law: A sober approach?

In the main, a jurisdiction can take one of two approaches to intoxication as a defence in criminal law: the lenient or the unyielding approach. According to the lenient approach, the rules of criminal liability apply to intoxication as they would to any other crime. Perpetrators of crime who were intoxicated to such an extent that they did not act in the juristic sense of the word, were not accountable or could not form intent and may therefore be found not guilty of the offence charged. Thus intoxication may serve as a complete defence. On the other hand, the unyielding approach is based on the premise that it is unacceptable for a sober person to be punished for a crime while an intoxicated person who commits the very same crime goes scot-free. Therefore intoxication does not constitute a complete defence in countries which take the unyielding approach. In a crime-ridden country such as South Africa, which has some of the highest crime statistics in the world, choosing the correct approach is of the utmost importance.

Historically, South African criminal law followed the unyielding route, but later adopted the rule of specific intent from English law, which constituted a middle course between the unyielding and more lenient approach. However, after the notorious *Chretien* judgment in essence disposed of the rule of specific intent, South Africa leaned towards the lenient approach. The legislature had no choice but to promulgate legislation in an attempt to contain the effects of that judgment.

This article explores whether that legislation, the Criminal Law Amendment Act 1 of 1988, and in particular section 1, has been optimally formulated to provide a sober criminal law approach to intoxication as a defence. This occurs by way of analysing and comparing the historical and current legal positions and legislation in South Africa and Canada, as the development of this aspect of the law in the two jurisdictions shows certain striking similarities. In both jurisdictions the rule of specific intent was abolished following radical court rulings – *Chretien* in South Africa and *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994) in Canada – which paved the way for the defence of intoxication to be raised both in respect of crimes that require specific intent and in respect of those that require only general intent. For the sake of order, both jurisdictions had to promulgate legislation: The South African Criminal Law Amendment Act has created a statutory crime in section 1, of which an accused who committed a crime while intoxicated may be convicted. The amended Canadian Criminal Code, in turn, has codified the defence of voluntary intoxication, clearly stipulating the requirements for its use.

In summary, the current position on intoxication as a defence in South Africa is as follows: (a) Where the accused was too intoxicated either to have acted voluntarily or to have criminal accountability, he cannot be found guilty of the primary offence charged, but may be found guilty of the violation of section 1 of the Criminal Law Amendment Act. In both instances intoxication may, however, serve as an aggravating circumstance in terms of section 2. (b) Where the accused was not sufficiently intoxicated to have been regarded as unaccountable, but intoxicated enough not to have been able to form intent, he cannot be found guilty of a crime requiring intent, nor of a violation of section 1, as the current phrasing of the law does

not provide for it. However, the accused may still be convicted of criminal negligence, the elements of which could be proven should such an option exist. If not, complete acquittal may follow. (c) Where an accused is charged with a crime requiring negligence and is proven to have been intoxicated when the crime was committed, such intoxication will not exclude the accused's negligence. In fact, the intoxication may be used precisely to prove it. (d) Where an accused committed a crime while intoxicated, but still displayed all the elements of criminal liability, he can be found guilty of the primary offence charged, although the intoxication may serve as a mitigating factor.

In Canada pre-*Daviault* the defence of voluntary intoxication was not available in respect of a crime requiring only general intent. This position changed when the Canadian court in *Daviault* ruled the exact opposite. Eventually forced to intervene, the Canadian government promulgated section 33.1 of the Canadian Criminal Code. In contrast to the South African legislature's intervention creating the section 1 statutory crime, the Canadian section 33.1 has placed a restriction on the use of voluntary intoxication as a defence. It provides that this defence still excludes specific intent, but can also be raised against a crime requiring general intent only where the accused did not deviate from a "standard of reasonable care". In essence, therefore, the defence cannot be raised at all against a crime that involved any element of violence or assault, irrespective of the degree of intoxication.

A comparison of the South African and Canadian laws reveals the following key shortcoming in the former: section 1 of the Criminal Law Amendment Act seems overly broad in scope. From its phrasing, the provision is clearly not limited to violent crimes, but includes any act prohibited by criminal law. Additional shortcomings of section 1, a result of the poor formulation of the section, include the following: (a) The uncertainty as to whether section 1 applies to involuntary intoxication also. Nowhere in the Criminal Law Amendment Act is it clearly stated that section 1 is applicable only where the intoxicating substance is taken voluntarily. (b) In the second instance, the degree of intoxication to which section 1 applies requires clarification. Can an accused be found guilty of violation of section 1 only if his faculties were impaired (second degree of intoxication), which rendered him unaccountable, or does this also include the worst (first) degree of intoxication, which renders a person incapable of acting voluntarily, and/or the lightest (third) degree of intoxication, which simply makes one incapable of forming intent? (c) Finally, the South African law also poses certain problems in respect of the onus of proof. While according to the general principles of criminal law the state must prove beyond reasonable doubt that an accused was accountable at the time of committing a crime, the state finds itself in the peculiar position of having to prove the converse where a violation of section 1 is concerned, that is, having to prove that the accused was beyond all doubt unaccountable when he committed the crime while intoxicated.

In each of these instances the suggested amendments to section 1 proposed by De Chermont in 1998, which are supported by authors such as Burchell, offer a way to overcome the key shortcomings and to bring the South African law more in line with the (perhaps more sober) Canadian legislation. In further strengthening De Chermont's proposals the article concludes by adding other recommendations, namely that greater clarity should be provided on whether section 1 applies to a person who could not act voluntarily due to intoxication as well as that a pertinent provision should be inserted that section 1 should be applied to crimes committed during the lightest degree of intoxication only where a lesser competent verdict requiring negligence does not exist.

Keywords: Canada; Criminal Law Amendment Act 1 of 1988, section 1; criminal liability; culpability; intent; South Africa; voluntary act; voluntary intoxication

1. Inleiding

Die beduidende rol van drank¹ in misdaadpleging spreek vanself.² Volgens 'n studie deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens in die Wes-Kaap kan die misdaad in 64% van sake met 'n bekende motief en in 24% van sake met bekende omstandighede toegeskryf word aan 'n argument of geveg waarby alkohol betrokke was.³

Dronkenskap is veral ter sake by die handelings-, toerekeningsvatbaarheids- en skuld- (opset-) element van misdaad. Na gelang van die graad van dronkenskap kan drankiname enige van hierdie elemente beïnvloed, of selfs geheel en al uitskakel.⁴ Die vraag ontstaan egter of dronkenskap in hierdie omstandighede as verweer toegelaat behoort te word.

'n Jurisdiksie kan hoofsaaklik een van twee benaderings tot die strafregtelike hantering van dronkenskap as verweer volg: die toegeeflike of die ontoegeeflike benadering.⁵ Die toegeeflike benadering volg die reëls van strafregtelike aanspreeklikheid net soos met enige ander misdaad.⁶ Hiervolgens kan persone wat so dronk was dat hulle nie in die juridiese sin van die woord gehandel het, toerekeningsvatbaar was of opset kon vorm nie, onskuldig bevind word aan die misdaad waarvoor hulle teregstaan.⁷ Dronkenskap kan dus as algehele verweer dien. Daarteenoor het die ontoegeeflike benadering as uitgangspunt dat dit onaanvaarbaar is dat 'n nugter mens vir 'n misdaad gestraf word, dog 'n besopene wat dieselfde misdaad pleeg, kom skotvry daarvan af. Dié benadering is gekant teen die gedagte dat 'n dronk persoon meer toegeeflik as sy nugter eweknie behandel word.⁸ In lande wat hierdie benadering volg, word dronkenskap dus nie as algehele verweer geag nie.

In 'n misdaadgeteisterde land soos Suid-Afrika, met van die hoogste misdaadstatistieke ter wêreld,⁹ kan die belang van die korrekte strafregtelike benadering tot die dronkenskap-verweer nie genoeg beklemtoon word nie.

Na 'n bondige uiteensetting van die verskillende tipes dronkenskap volgens die strafreg ondersoek hierdie artikel die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse strafregtelike standpunt oor dronkenskap as verweer. Dan val die soeklig op die huidige benadering, en word veral die leemtes en gebreke daarvan onder die loep geneem. Daarna volg 'n vergelyking met die benadering in Kanada, waarvan die regstelsel in dié verband op 'n soortgelyke manier as Suid-Afrika s'n ontwikkel het deurdat die wetgewers in albei jurisdiksies moes ingryp om die effek van hofsake¹⁰ te beheer. Ten slotte word voorstelle ter verbetering van die Suid-Afrikaanse benadering aan die hand gedoen.

2. Strafregtelike aanspreeklikheid en verskillende tipes dronkenskap

'n Persoon pleeg 'n misdaad indien sy gedrag ooreenstem met die algemeen-aanvaarde elemente van misdaad.¹¹ Die elemente van misdaad is handeling, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en skuld.¹² 'n Persoon mag dus skuldig bevind word aan 'n misdaad

slegs indien sy gedrag aan al die elemente voldoen. In watter mate beïnvloed alkohol egter dié elemente, en dus strafregtelike aanspreeklikheid? Indien daar bewys sou kon word dat die inname van alkohol inderdaad die handelings-, toerekeningsvatbaarheids- of opset-element ten tye van misdaadpleging uitgeskakel het, kan dit as volkome verweer dien? Alkohol kan 'n mens op verskeie maniere beïnvloed: Dit kan jou spierbeheer (willekeurige handelingsvermoë) aantas; of dit kan 'n invloed hê op sowel jou vermoë om die aard, gevolg en wederregtelikheid van jou daade te besef en dienooreenkomstig op te tree (toerekeningsvatbaarheid) as jou vermoë om opset (spesifieke skuldvorm wat in sekere misdade vereis word) te vorm.¹³

Die strafreg onderskei tussen verskillende tipes dronkenskap,¹⁴ wat vervolgens behandel sal word.

2.1 Onvrywillige dronkenskap

Onvrywillige dronkenskap is dronkenskap wat teweeggebring is sonder die bewustelike en vrye tussenkoms van die persoon wat dronk 'n misdaad gepleeg het.¹⁵ 'n Voorbeeld is waar iemand ongesiens 'n dwelm in iemand anders se drankie gooi¹⁶ of iemand anders dwing om alkohol in te neem. Onvrywillige dronkenskap dien as 'n volkome verweer teen aanspreeklikheid vir enige misdaad wat onder die invloed van alkohol gepleeg is, welke reël betreklik onbetwis is.¹⁷

2.2 Vrywillige dronkenskap

2.2.1 Actio libera in causa

Hierdie kategorie is van toepassing waar 'n persoon nie die moed het om 'n misdaad te pleeg nie, en dan alkohol inneem met die wete dat hy later, in 'n besope toestand, wel genoeg moed sal hê.¹⁸ In die Suid-Afrikaanse reg word aanvaar dat 'n persoon wat vrywillig en opsetlik dronk word om 'n misdaad te pleeg, skuldig is aan die misdryf, al het sy gevorderde graad van dronkenskap ten tye van misdaadpleging hom onwillekeurig laat optree.¹⁹ Hierdie tipe dronkenskap bied dus geen verweer teen aanspreeklikheid vir 'n misdaad nie, en die beginsels waarop dit berus, is ook betreklik onbetwis.²⁰ Die *actio libera in causa* behels egter 'n feitestel wat baie moeilik is om te bewys, naamlik dat 'n persoon opset vorm terwyl hy nog nugter is, en dan sy besope lyf as instrument gebruik om die misdadige handeling uit te voer.²¹

2.2.2 Dronkenskap wat tot geestesongesteldheid lei

Waar 'n geestesiekte soos *delirium tremens*²² uit herhaalde, chroniese alkoholgebruik spruit, is die standpunt dieselfde as met 'n verweer van patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.²³ 'n Verweer van geestesongesteldheid sal hier geopper word, en waar die hof 'n persoon as gevolg daarvan skuldig bevind, sal artikel 78(6)²⁴ van die Strafproseswet 51 van 1977 van toepassing wees.

2.2.3 Die oorblywende gevalle van vrywillige dronkenskap

Die dronkenskapkategorieë hier bo kom selde in die praktyk voor en die reëls waarop hierdie twee kategorieë berus, is ook betreklik onbetwis.²⁵ Daarteenoor is die oorblywende gevalle

van vrywillige dronkenskap die tipes dronkenskap waarmee ons strafhowe daaglik te doen kry en die meeste oor kopkrap.²⁶ 'n Tipiese voorbeeld is waar 'n persoon ná werk 'n paar drankies geniet en later die aand in 'n besope toestand iemand met 'n mes steek. Watter uitwerking het sy dronkenskap op sy strafregtelike aanspreeklikheid? Tensy daar uitdruklik anders aangedui word, is enige verdere verwysing na dronkenskap in hierdie artikel 'n verwysing na hierdie kategorie.

3. Verskillende benaderings tot die oorblywende gevalle van vrywillige dronkenskap

Soos wat kortliks hier bo verduidelik is, word hetsy die toegeeflike of die ontoegeeflike benadering tot dronkenskap gevolg.²⁷ Die toegeeflike benadering (wat ook as die teoreties-wetenskaplike benadering beskryf word),²⁸ wat die gewone reëls van aanspreeklikheid soos vir enige ander misdaad volg,²⁹ bied 'n geleentheid van onskuldigbevinding aan persone wat so dronk was dat hulle nie uit 'n regsooppunt willekeurig kon handel, toerekeningsvatbaar was of opset kon vorm nie.³⁰ Die ontoegeeflike benadering (wat ook die beleidsoorwegingsbenadering genoem word)³¹ is gekant daarteen dat 'n besopene op grond van sy dronkenskap ongestraf bly vir 'n misdaad waarvoor 'n nugter mens wél gestraf sou word.³² Ondersteuners van hierdie benadering glo dat dronk oortreders deur hulle eie toedoen dronk geword het en moes beseft of gewet het dat dit die moontlikheid van misdadigheid sou versterk. Kampvegters vir die ontoegeeflike benadering voer aan dat die beoordeling van die misdaad vanaf die laakbare misbruik van drank tot en met die pleging van die misdaad moet strek.³³

'n Suiwer toepassing van die toegeeflike benadering lei daarom tot 'n “wegkomkans”-verweer vir besope plegers van misdaad; 'n suiwer toepassing van die ontoegeeflike benadering lei weer tot 'n hardvotige ingesteldheid sonder enige simpatie waarvolgens dronkenskap nooit as 'n verweer sal slaag nie.³⁴

4. Historiese oorsig

Aanvanklik is die ontoegeeflike benadering in Suid-Afrika gevolg, en was die gemenegreël dat vrywillige dronkenskap geen verweer teen aanspreeklikheid vir misdaadpleging bied nie en slegs in uitsonderlike gevalle tot strafversagting kon lei.³⁵

Later, in die 20ste eeu voor *S v Chretien*,³⁶ het ons howe weer 'n stel reëls toegepas wat tussen die toegeeflike en die ontoegeeflike benadering geval het. Die howe het van die sogenaamde spesifieke-opset- (“specific intent”-) teorie uit die Engelse reg gebruik gemaak.³⁷ Ingevolge hierdie teorie is misdade in twee groepe ingedeel, naamlik dié wat 'n sekere opset vereis, soos moord of aanranding met die opset om ernstige liggaamlike leed te veroorsaak, en dié wat nie 'n spesifieke opset vereis nie, byvoorbeeld gewone aanranding. Ingevolge hierdie teorie kon dronkenskap die vereiste spesifieke opset vir 'n sekere misdaad uitskakel, en kon die hof die persoon dus aan 'n minder ernstige misdaad skuldig bevind.³⁸ Dronkenskap kon egter nie as verweer dien teen aanspreeklikheid vir 'n misdaad wat nié 'n spesifieke opset vereis nie,³⁹ maar kon dan slegs by strafoplegging in ag geneem word.⁴⁰ Die spesifieke-opset-teorie kon volgens Paizes⁴¹ gemanipuleer word om in die meeste sake 'n regverdige uitkoms te verkry, maar het sommige regsgeleerdes ongemaklik gemaak.

Die hofspraak wat die Suid-Afrikaanse standpunt oor dronkenskap in die 20ste eeu voor *Chretien*⁴² die beste uitbeeld, is die appèlhofspraak *S v Johnson*.⁴³

4.1 *S v Johnson*

Hier is die appellant in hegtenis geneem op 'n aanklag van dronkenskap in 'n openbare plek. Hy is na die polisiekantoor geneem, waar hy saam met 'n ander man in 'n sel aangehou is. Johnson was so besope dat hy nie kon staan nie en byna nie kon praat nie. Die polisiebeamptes het 'n lawaai uit die sel gehoor en by nadere ondersoek vasgestel dat Johnson sy mede-aangehoudene ernstig met 'n waterremmer aangerand het (as 'n gevolg waarvan die mede-aangehoudende beswyk het).⁴⁴

Volgens getuies was Johnson in 'n gevorderde stadium van besopenheid. Sy toestand word soos volg in die saak beskryf:⁴⁵

Na die aanranding was hy so luidrugtig en oproerig dat dit nodig was om hom in 'n ander sel te plaas en, omdat daar die gevaar bestaan het dat hy homself sou kon beseer, voetboeie aan hom te sit. Hy het onsamehangend gepraat en 'n wesenlose uitdrukking op sy gesig gehad. Dit het voorgekom asof hy nie bewus was van wat om hom aangegaan het nie. Hy het 'n dowwe glans in sy oë gehad en vir minstens een van die aanwesige polisiebeamptes het hy die voetboeie, wat vir hom te groot was, uitgeskop en teen die muur "stapelgek" voorgekom. In die tweede sel waarin hy geplaas is, het hy uitgeklim na die selvenster sewe voet bokant die vloer. Om die geneesheer, wat intussen ingeroep is, in staat te stel om 'n monster van sy bloed te neem, moes drie polisiemanne hom vashou. Volgens latere ondersoek van hierdie bloedmonster, was die persentasie alkohol in sy bloed 0.27, wat die inneem van alkohol gelyk aan minstens agt sopies brandewyn aandui. Volgens die geneesheer wat hom toe gesien het, was die appellant baie dronk en het hy nie geweet wat hy gedoen het nie. In 'n verklaring wat hy die volgende dag aan die polisie gemaak het toe die aanklag aan hom gestel is, het die appellant verklaar – "Ek was dronk gewees, ek weet niks baas, ek weet niks. Baas-hulle het my mos gevang vir dronk." Volgens die polisiebeampte, wat die verklaring afgeneem het, was dit duidelik dat die appellant geheel-en-al onbewus was van wat gebeur het.

Mediese getuienis het egter daarop gedui dat die appellant se drankiname nie geestesongesteldheid tot gevolg gehad het nie.⁴⁶

Die verhoorhof het toegegee dat Johnson nie in dié omstandighede willekeurig gehandel het nie, omdat dit nie in sy toestand moontlik was nie.⁴⁷ Desondanks het die hof hom steeds skuldig bevind aan strafbare manslag op grond daarvan dat strafbare manslag nie 'n spesifieke opset vereis nie, en dat vrywillige dronkenskap sonder geestesongesteldheid as gevolg nie 'n verweer is nie en slegs as strafversagting mag dien.⁴⁸

Hoewel Johnson hierteen geappelleer het, is die skuldigbevinding in appèl bekragtig.⁴⁹ Die appèlhof erken dat bogenoemde reël – naamlik dat dronkenskap sonder geestesongesteldheid as gevolg nie in die algemeen 'n verweer is nie – onlogies is. Tog het die hof aangevoer dat waar dronkenskap betrokke is, wenslikheid en raadsaamheid voorrang bo logika het.⁵⁰

[D]it is nie onredelik dat iemand strafregtelik aanspreeklik behoort te wees vir alle gevolge wat uit sy oormatige gebruik van drank vloeïe nie. Die alternatief sou onaanvaarbaar wees, nl. dat 'n willose dronke toegelaat sou moes word om hom te beroep juis op sy toestand wat tot die misdaad aanleiding gegee het, en wat hyself deur sy afkeurenswaardige drankmisbruik veroorsaak het.

Hierdie saakhetas presedent gedien tot en met die *Chretien*-beslissing, waarmee die hoogste hof van appèl 'n nuwe, toegeefliker denkrigting oor die rol van dronkenskap in strafregtelike aanspreeklikheid ingeslaan het.

4.2 *S v Chretien*

Die beskuldigde in hierdie saak het 'n partytjie bygewoon en in 'n besope toestand met sy motor in 'n groep partytjiegangers vasgery. Een persoon is dood en vyf is beseer.⁵¹ Die verhoorhof bevind dat die beskuldigde, as gevolg van sy drankiname, nie opsetlik in die groep mense vasgery het nie. Die hof het nie bevind dat die beskuldigde so dronk was dat hy nie die gevolge van sy handelinge kon besef (en dus ontoerekeningsvatbaar was) nie, maar wel dat sy verduideliking dat hy verwag het dat die mense in die straat sou padgee, nie verwerp kon word nie.⁵²

Die hof stel die probleem soos volg:⁵³

A doubt exists in our minds as to whether or not the accused is in fact being truthful when he says he believed that the crowd would disperse, and, whatever may have been the position in the case of a sober person, having regard to the state of the accused's intoxication, he may have believed something which no sober person would have believed. The accused is entitled to the benefit of this doubt. Whilst therefore there is no doubt that the accused acted in a grossly reckless manner in his driving, we cannot say that what he did was done deliberately. This being so it seems to us that on the main count the accused falls to be convicted of the crime of culpable homicide.

Die hof beslis verder dat daar dus ook ten opsigte van die vyf aanklagte van poging tot moord geen opset bestaan het nie, en dat die beskuldigde, ondanks die beslissing in *S v Johnson*, ook nie eens aan gewone aanranding skuldig bevind kon word nie.⁵⁴

Die staat het aangevoer dat die hof 'n fout begaan het deur die beskuldigde onskuldig te bevind op die vyf aanklagte van poging tot moord. Volgens die staat moes die beskuldigde, in navolging van *S v Johnson* en die spesifieke-opset-reël, ten minste aan gewone aanranding skuldig bevind word.⁵⁵ Die appèlhof het die staat se betoog egter soos volg verwerp:

Die betoog kan nie slaag nie. Hierdie Hof moet van die standpunt uitgaan (soos die verhoorhof wesenlik bevind het) dat die respondent,⁵⁶ in sy deur drank benewelde toestand, verwag het dat die mense sy Combi sou sien aankom en uit sy pad gaan. Hy het dus geen opset gehad om hulle raak te ry nie en het hulle ook nie gedreig dat hy hulle sou raak ry nie. Hy het eenvoudig verwag dat hulle uitmekaar sou gaan. Selfs gewone aanranding vereis die opset om aan te rand en as so 'n opset nie bestaan nie (of nie bewys is nie) kan daar geen skuldigbevinding aan gewone aanranding wees nie.⁵⁷

Die appèlhof het die *Johnson*-beslissing hersien en bevind dat dit juridies onsuiver was en probleme geskep het.⁵⁸ Die hof kritiseer en verwerp voorts die spesifieke-opset-teorie soos dit in *Johnson* toegepas is soos volg:⁵⁹

Wat ons reg betref, behoort die hele idee van “specific intent” in verband met drank, soos dit in die Engelse reg verskyn, as onaanvaarbaar beskou te word. By ’n behoorlike toepassing van ons reg is daar geen plek vir die besondere benadering nie. Vanselfsprekend kan ’n hof volgens ons reg wel bevind dat ’n persoon weens invloed van drank ’n bepaalde gevolg nie voorsien het nie wat hy wel sou voorsien het indien hy nugter was, en dat hy miskien aan ’n minder ernstige misdaad skuldig is.

Die appèlhof benader ook die vraag oor die regstatus van ’n persoon wat onder die invloed van drank ’n misdaad pleeg, deur eers met die onderskeie grade van dronkenskap te handel:⁶⁰

Die ergste graad van dronkenskap (verder verwys na as die eerste graad van dronkenskap) sou wees waar ’n persoon homself so dronk drink dat hy “papdronk” is en byvoorbeeld net êrens lê en onwillekeurige spierbewegings met sy arm of voet maak. Sou iemand deur so ’n onwillekeurige beweging getref en beseer word, sou die beskonke persoon nie aan ’n misdaad kon skuldig bevind word nie. Daar is hier geen sprake van ’n willekeurige handeling wanneer suiwer regsbeginsels toegepas word nie. Die onwillekeurigheid van sy handeling sal strafregtelike aanspreeklikheid uitskakel.

Die volgende graad van dronkenskap (verder verwys na as die tweede graad van dronkenskap) verwys na gevalle waar die persoon wel willekeurig kon handel, maar die drank ’n effek gehad het op die persoon se geestesvermoëns op die stadium wat hy die misdaad gepleeg het. So ’n persoon, wat ontoerekeningsvatbaar geag word, sal ook onskuldig bevind word.⁶¹

Die appèlhof⁶² beklemtoon dat daar nie geredelik aanvaar moet word dat ’n persoon so dronk is dat hy nie bewus van sy handeling en dus nie toerekeningsvatbaar is nie, want as so ’n bevinding geredelik gemaak word en die beskuldigde skotvry daarvan afkom, sal dit die geloofwaardigheid van die regspraak aantas.

Ons ondersteun Snyman⁶³ se kommentaar hieroor, naamlik dat die appèlregter se opmerking oor die graad van bewys wat vir ’n bevinding van ontoerekeningsvatbaarheid vereis word, geheel en al sinloos is. Volgens Snyman sou hierdie reël sin hê slegs indien die strafreg ’n ander reël bevat het wat inhou dat ’n hof maklik tot die gevolgtrekking kan kom dat iemand ontoerekeningsvatbaar is of nie. Daar word algemeen aanvaar dat ’n hof nooit maklik tot die gevolgtrekking kan kom dat iemand strafregtelik aanspreeklik is nie, en daarom meen Snyman⁶⁴ dat die hof die voorbehoud aangeteken het om sy eie gewete te sus:

Die derde en laaste graad van dronkenskap is dan ook die ligste graad. Dit behels dat die persoon wel ’n willekeurige handeling uitgevoer het en wel toerekeningsvatbaar was, maar nie die nodige opset, vereis vir skuldigbevinding aan die spesifieke misdaad, kon vorm nie. Waar die bewyse aandui dat ’n persoon in hierdie graad wel nalatig was, kan so ’n persoon ten minste aan ’n nalatigheidsmisdaad skuldig bevind word, indien daar so ’n opsie bestaan.⁶⁵

Uit die feite en bewyse wat die verhoorhof aanvaar het, blyk duidelik dat Chretien ten tye van misdaadpleging in die derde graad van dronkenskap verkeer het. Die appèlhof het dus die verhoorhof se bevinding bekragtig, naamlik dat Chretien nie skuldig was op die vyf aanklagte van poging tot moord nie, en dat sy vrywillige dronkenskap die vereiste-opset-element vir skuldigbevinding aan selfs gewone aanranding uitgeskakel het.⁶⁶ Nalatige aanranding is nie 'n misdaad in Suid-Afrika nie. Juis omdat Chretien in hierdie derde graad van dronkenskap verkeer het, is hy aan strafbare manslag eerder as moord skuldig bevind.

Volgens Burchell⁶⁷ het die *Chretien*-beslissing tot gevolg gehad dat dronkenskap dieselfde invloed op strafregtelike aanspreeklikheid kan hê as jeugdigheid, geestesongesteldheid en provokasie.⁶⁸ 'n Bepaalde graad van dronkenskap kan dus nou willekeurige handeling, toerekeningsvatbaarheid of opset uitsluit.⁶⁹ Die verwerping van die spesifieke-opset-teorie beteken nou ook dat dronkenskap as 'n verweer vir enige misdaad, onder meer gewone aanranding, mag dien.⁷⁰ Hierdie volledige verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid is uit verskeie oorde fel gekritiseer en het in sowel professionele as lekegeledere 'n opskudding veroorsaak.⁷¹

Snyman⁷² meen dat die hof 'n fout begaan het veral deur 'n suiwer regsteoretiese benadering ten koste van beleidsoorwegings te volg. Die hof was verkeerd deur aan te neem dat die gemeenskap se regsoortuigings 'n suiwer teoretiese of stelselmatige benadering voorstaan. Die teenoorgestelde is eintlik waar: die gemeenskap vereis inderwaarheid dat 'n persoon wat vrywillig dronk word, nié sy dronkenskap as 'n algehele verweer vir sy dae gedurende dronkenskap gebruik nie. Snyman⁷³ staaf sy mening deur te verwys na 'n navorsingsdokument van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) van 1977 wat aandui dat uit 5 000 respondente, 'n meerderheid van 89% oortuig was dat howe onder geen omstandighede dronkenskap as 'n verweer moet aanvaar vir 'n ernstige misdaad wat in 'n besope toestand gepleeg word nie.⁷⁴

Hierdie gemeenskapsvrees dat besopenes na aanleiding van die *Chretien*-beslissing te maklik strafregtelike aanspreeklikheid sou kon ontduik, blyk uit die wetgewer se ingryping enkele jare later. Die Strafwysigingswet 1 van 1988 is bepaald ontwerp as teenvoeter vir die toegeeflike benadering wat uit *Chretien* voortgespruit het.⁷⁵

5. Die huidige standpunt: Die Strafwysigingswet 1 van 1988

'n Besopene se handeling kan op een van twee maniere gekriminaliseer word. Die eerste is die “negatiewe” manier, waardeur 'n misdaad geformuleer word ten einde 'n beskuldigde die gemeenregtelike verweer van vrywillige dronkenskap te ontsê. Die tweede is die “positiewe” manier, waardeur 'n misdaad geformuleer word met vrywillige drankiname en die aantasting van die beskuldigde se vermoëns as elemente.⁷⁶ Met die uitvaardiging van die Strafwysigingswet 1 van 1988, wat op 4 Maart 1988 in werking getree het,⁷⁷ het die parlement klaarblyklik die tweede uitweg gekies. Artikel 1 van die wet bied wat die regskommissie as 'n “geïntegreerde oplossing”⁷⁸ bestempel deur 'n statutêre misdaad te skep. Dié artikel bevat die volgende twee subartikels:

- (1) Iemand wat enige stof inneem of gebruik wat sy of haar vermoëns om die wederregtelikheid van sy of haar handeling in te sien of om in ooreenstemming met

daardie insig te handel, aantas, terwyl hy of sy weet dat daardie stof daardie uitwerking het, en wat terwyl daardie vermoëns aldus aangetas is 'n handeling verrig wat deur die reg op straf verbied word, maar wat nie strafregtelik aanspreeklik is nie omdat sy of haar vermoëns aangetas was soos voormeld, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat ten opsigte van die pleging van daardie handeling opgelê kan word.

(2) Indien in enige vervolging weens enige misdryf daar bevind word dat die beskuldigde nie strafregtelik aanspreeklik is vir die ten laste gelegde misdryf nie op grond van die feit dat die vermoëns in subartikel (1) vermeld, aangetas was deur die inname of gebruik van enige stof, kan daardie beskuldigde skuldig bevind word aan 'n oortreding van subartikel (1), indien die getuienis die pleging van sodanige oortreding bewys.

Artikel 2 lui:

Wanneer dit bewys word dat iemand wat aan 'n misdryf skuldig bevind is, se vermoëns as gevolg van die inname of gebruik van 'n stof aangetas was toe hy die misdryf gepleeg het, kan die hof by die bepaling van 'n gepaste vonnis wat hom opgelê moet word ten opsigte van die bedoelde misdryf, die feit dat sy vermoëns aldus aangetas was, as 'n verswarende omstandigheid beskou.

Strafregkundiges is dit eens dat hierdie wet nodig en wenslik is.⁷⁹ Iemand wat vrywillig begin drink, moet geen gronde hê om te kla wanneer hy aanspreeklik gehou word vir 'n misdryf wat hy gedurende dronkenskap pleeg nie. 'n Gewone (nugter) mens kan hom bewustelik teësit teen die versoeking om gemeenskapsnorme te oortree. Hierdie teësitvermoë is noodsaaklik om 'n gemeenskap normaal te laat funksioneer: wanneer iemand hom willekeurig aan drank te buite gaan, verminder of tas hy hierdie teësitvermoë aan, wat sy gevolglike optrede dikwels teen gemeenskapsnorme laat indruis. Die vergeldings- en afskrikteorieë van straf vereis boonop dat 'n dronk misdadiger nie agter sy dronkenskap moet kan skuil om straf te ontduik nie.⁸⁰

Die elemente van die statutêre misdaad wat ingevolge die Strafwysigingswet geskep word, is in *S v Lange* uiteengesit.⁸¹ Die elemente is:

- (a) inname of gebruik van die bedwelmende stof deur die beskuldigde
- (b) aantasting van die beskuldigde se vermoë om die wederregtelikheid van sy handeling te besef of ooreenkomstig so 'n besef op te tree (met ander woorde ontoerekeningsvatbaarheid)
- (c) kennis dat die stof wat hy gebruik of inname hierdie uitwerking sal hê
- (d) 'n handeling deur die beskuldigde wat deur die reg verbied word en wat die beskuldigde pleeg terwyl sy vermoëns aangetas is
- (e) dat die beskuldigde nie strafregtelik aanspreeklik is aan die hoofmisdaad nie, juis omdat sy vermoëns aangetas was.

Indien daar aan ál bogenoemde vereistes voldoen word, sal die beskuldigde dus nie aan die “hoofmisdad” nie, maar aan ’n statutêre misdad, naamlik oortreding van artikel 1 van Wet 1 van 1988, skuldig bevind word. Indien die beskuldigde van die hoofmisdad aangekla word, skryf bostaande dus voor dat hy inderwaarheid daaraan onskuldig bevind moet word.⁸²

5.1 Leemtes in die Strafwysigingswet

Alhoewel die wet grotendeels aanvaar word, word dit ook gekritiseer – nie soseer oor die beginsel wat daarin vervat is nie, maar wel oor die swak bewoording van artikel 1.⁸³ Paizes⁸⁴ se mening oor die bewoording van artikel 1 vat waarskynlik die algemene probleem daarmee die beste saam. Hy stel dit soos volg:⁸⁵

These statements of intent have my sympathy. The way in which the legislature has given them flesh, however, does not. It has given us, in s 1(1), a provision that is unworkable, illogical and inconsistent. Some of the difficulties it creates may be circumnavigated by imaginative interpretation. Others, however, are more fundamental and cannot, I submit, be addressed without further legislative intervention.

Die volgende paragrawe lig die grootste leemtes van die wetgewing uit:

5.1.1 Die toepassingsbestek van artikel 1 is te wyd

Uit die bewoording van artikel 1 blyk dit duidelik dat die toepassing daarvan nie tot die pleging van geweldsmisdade beperk is nie, maar enige handeling insluit wat deur die strafreg verbied word.⁸⁶ Die hoofaanklag in *S v Mbele*⁸⁷ was byvoorbeeld diefstal.

Dit is te verstane dat die gemeenskap iemand wat ’n ander leed aandoen, wil straf om hul ontevredenheid te toon, selfs waar die oortreder weens sy eie, vrywillige toedoen nie ten tye van die handeling die wederregtelikheid van sy dade kon insien nie.⁸⁸ Die gemeenskap het immers ’n belang daarby om gemeenskapslede te beskerm teen ’n ander wat hulle leed aandoen, vermoor of hulle eiendom beskadig. Tog is die argument vir die strafoplegging van so ’n oortreder nie ewe toepaslik op alle misdade nie. ’n Persoon wat byvoorbeeld dronk was toe hy gesteelde goedere ontvang het, mag ook skuldig bevind word aan die oortreding van artikel 1 van die Strafwysigingswet. Die grootste impak van so ’n misdad is egter oneerlikheid, en nie geweld soos met moord, verkragting of aanranding nie.⁸⁹

Paizes⁹⁰ voer aan dat die gemeenskap ’n belang daarby het om iemand te straf wat sonder ’n laakbare geestestoestand ’n geweldsmisdad pleeg. Anders as geweld, vereis oneerlikheid egter ’n kognitiewe geestestoestand. Dus het die gemeenskap nie ’n soortgelyke belang in geval van misdade met oneerlikheid as “hoofelement” nie. Snyman,⁹¹ Paizes⁹² en Burchell⁹³ is dit eens dat dit beter sou gewees het indien die wetgewer die toepassing van die Strafwysigingswet beperk het tot gevalle waar die misdad geweld teenoor ’n persoon of eiendom insluit. Al drie skrywers beklemtoon dat die gemeenskap nie dieselfde mate van beskerming nodig het teen dronk diewe, ontvangers van gesteelde eiendom of bedrieërs as teen dronk moordenaars, verkragters en aanranders nie.

5.1.2 Is artikel 1 van toepassing op onvrywillige dronkenskap?

Al val onvrywillige dronkenskap nie binne die bestek van hierdie navorsing nie, ontstaan die vraag wel of artikel 1 van die Strafbegwysigingswet ook op hierdie vorm van dronkenskap van toepassing is. Volgens die gemenerereg word 'n beskuldigde wat onvrywillig dronk geword het, aan die hand van die algemene strafbepalings hanteer. Hy sal dus aanspreeklikheid vryspring indien die graad van sy dronkenskap genoegsaam was om sy handeling onwillekeurig te maak, hom ontoerekeningsvatbaar gelaat het of sy skuld uitsluit.⁹⁴ Die wet maak dit egter nêrens duidelik dat artikel 1 van toepassing is slegs waar die bedwelmende stof vrywillig ingeneem is nie.

Omdat die wet juis in antwoord op die uitwerking van die *Chretien*-beslissing op die verweer van vrywillige dronkenskap uitgevaardig is, kan daar logies afgelei word dat dit net betrekking moet hê op gevalle waar die stof vrywillig ingeneem is. Paizes⁹⁵ se opmerking oor die doel van die wet strook met so 'n afleiding:

The purpose of this Act is to accommodate the sense of justice of the society in respect of the judicial treatment of intoxicated persons for actions committed by them while they are in that condition in cases where such condition was brought about by the voluntary use of intoxicating liquor or drugs.

Dit sou onaanvaarbaar wees as die teendeel waar blyk te wees en persone wat onvrywillig dronk word, óók aan oortreding van artikel 1 skuldig bevind mag word.⁹⁶ Dus, hoewel die woord nie pertinent in die artikel voorkom nie, moet die wet geles word asof die woord “vrywillig” in artikel 1 voor die woorde “enige stof inneem” staan.⁹⁷

5.1.3 Op watter graad van dronkenskap is artikel 1 van toepassing?

Die volgende vraag wat uit die gebrekkige bewoording van artikel 1 ontstaan en wat met die verskillende grade van dronkenskap verband hou, is of 'n beskuldigde aan die oortreding van artikel 1 skuldig bevind mag word slegs wanneer sy vermoëns aangetas word en hy dan ontoerekeningsvatbaar is, of ook wanneer hy (a) in die ergste (eerste) graad van dronkenskap verkeer en as gevolg van sy vrywillige dronkenskap nie 'n willekeurige handeling kon uitvoer nie; en/of (b) in die derde (ligste) graad van dronkenskap verkeer en gevolglik bloot geen opset kon vorm nie.⁹⁸

Die bewoording van artikel 1, naamlik “vermoëns om die wederregtelikheid van sy of haar handeling in te sien of om in ooreenstemming met daardie insig te handel”, verwys duidelik na die beskuldigde se ontoerekeningsvatbaarheid.⁹⁹ Wat die grade van dronkenskap betref, kom die hof in *Chretien* tot die gevolgtrekking dat vrywillige dronkenskap 'n volledige verweer kan uitmaak – eerstens, as dit die rede is hoekom die beskuldigde nie 'n willekeurige handeling kon uitoefen nie; tweedens, as dit die rede is hoekom die beskuldigde nie toerekeningsvatbaar was nie; en derdens, as dit die rede is hoekom die beskuldigde se vereiste opset uitgesluit was.¹⁰⁰ Terwyl artikel 1 van die Strafbegwysigingswet duidelik na die tweede geval hier bo verwys, swyg dit oor die eerste en derde gevalle.

Wat betref die vraag oor aanspreeklikheid in 'n geval waar die beskuldigde te dronk was vir 'n willekeurige handeling, kan daar geargumenteer word dat die wetgewer juis net na situasies verwys waar die beskuldigde se vermoëns aangetas word, om sodoende gevalle

waar hy nie willekeurig gehandel het nie, van die werking van die wet uit te sluit.¹⁰¹ As dít die geval was, sou die werking van die wet egter nie logies wees nie. Die graad van dronkenskap wat tot onwillekeurige handeling lei, is duidelik erger as die graad wat tot ontoerekeningsvatbaarheid lei. As die wetgewer bedoel het om die laer graad van dronkenskap in te sluit, is dit ondenkbaar dat dit sy bedoeling sou wees om nie ook die erger graad van dronkenskap in te sluit nie.¹⁰² Daar is ook al aangevoer dat 'n persoon wat onwillekeurig handel, uit die staanspoor nie toerekeningsvatbaar is nie,¹⁰³ en dus kan 'n mens aanneem dat die wet wel betrekking het op 'n geval waar 'n persoon as gevolg van dronkenskap onwillekeurig handel.

Strafregkundiges¹⁰⁴ se standpunt dat die wet nie van toepassing is op gevalle waar dronkenskap slegs die beskuldigde se opset uitskakel nie, is eweneens te verstane. Die wet maak duidelik melding van die persoon se “vermoëns” wat aangetas word, dog nêrens is daar sprake van die aantasting van die beskuldigde se “kennis” of word woorde soos “weet” of “bewus wees van” gebruik wat kon dui op die wetgewer se bedoeling om gevalle waar die beskuldigde se opset uitgesluit word (dit wil sê in die derde en ligste graad van dronkenskap) ook by die wet in te sluit nie. Dít laat 'n groot leemte in die wetgewing en lei tot die onhoudbare situasie dat 'n persoon wat byvoorbeeld van aanranding aangekla word (waarvoor daar nie 'n nalatighedsopsie beskikbaar is nie) waarvoor slegs opset nie bewys kan word nie, geheel en al onskuldig bevind kan word.

Burchell¹⁰⁵ meen dat die bewoording van die wetsontwerp wat die regskommissie¹⁰⁶ voorberei het en wat die Strafwysigingswet voorafgegaan het, beter was ten opsigte van die skuldelement. Die wetsontwerp verwys slegs na die aantasting van 'n persoon se verstandelike vermoëns (“mental faculties”) sonder enige beperking op die gevolg van daardie aantasting. Indien die bewoording van die wetsontwerp gevolg is, sou iemand soos Chretien skuldig bevind kon word aan die oortreding van artikel 1 omdat die alkoholinnamer sy verstandelike vermoëns in die algemene sin (wat insluit die vermoë om opset te vorm) aangetas het. Burchell steun ook De Chermont se voorstel vir die wysiging van die Strafwysigingswet om hierdie probleem op te los. Die voorgestelde wysiging lui soos volg:¹⁰⁷

Anybody who voluntarily consumes or uses any substance which has an effect on his mental faculties, **knowledge or intention**, while he knew or should have known that the particular substance could or does have such an effect, and while being so affected engages in conduct which constitutes a crime, of which violence is an element, but who cannot be convicted of such crime because of reasonable doubt whether he at the time of the conduct

(a) had the ability to appreciate the wrongfulness of his actions, or to act in accordance with such appreciation of wrongfulness; or

(b) **had the necessary intention required for a conviction of the particular crime**, is guilty of a crime and on conviction liable to the punishment of ...

5.1.4 Probleme met betrekking tot die bewyslas

Waarskynlik die grootste probleem met die Strafwysigingswet hou verband met die bewyslas om 'n skuldigbevinding ingevolge artikel 1 te voltrek. Paizes¹⁰⁸ beskryf die

probleem met die bewyslas as “perplexing to an accused, slightly awkward for the prosecution and mildly amusing to the legal academic”.

Algemene strafregbeginsels bepaal dat die staat elke element van ’n misdaad bo redelike twyfel moet bewys.¹⁰⁹ Waar ’n persoon van ’n misdaad aangekla word, moet die staat dus onder andere bewys dat die persoon bo redelike twyfel toerekeningsvatbaar was toe hy die misdaad gepleeg het. Wat skuldigbevinding aan oortreding van artikel 1 van die Strafwysigingswet betref, moet die staat egter bo redelike twyfel bewys dat die beskuldigde nie strafregtelik aanspreeklik gehou mag word nie omdat sy vermoëns ten tye van misdaadpleging aangetas was, met ander woorde dat hy bo redelike twyfel ontoerekeningsvatbaar was toe hy in ’n besope toestand die misdaad gepleeg het.¹¹⁰ Die staat dra dus inderwaarheid ’n teenoorgestelde bewyslas van wat hy gewoonlik moet bewys.¹¹¹

Dat die staat tans ingevolge die bewoording van artikel 1 die beskuldigde se ontoerekeningsvatbaarheid bo redelike twyfel moet bewys, impliseer dat indien daar ná die getuienis onsekerheid bestaan slegs oor of die beskuldigde toerekeningsvatbaar was of nie, die staat nie sy bewyslas nagekom het nie en die beskuldigde nie ingevolge artikel 1 skuldig bevind mag word nie.¹¹² Dít is juis wat die beskuldigde in die *September*-beslissing aangevoer het.¹¹³ Paizes¹¹⁴ beklemtoon ook die dilemma wat die omgekeerde bewyslas vir die vervolging bied en verwys daarna as ’n nagmerrie vir die vervolging.

Die howe het al verskeie kere gewaarsku dat ’n hof nie ligtelik moet bevind dat ’n beskuldigde ontoerekeningsvatbaar was as gevolg van dronkenskap ten tye van misdaadpleging nie.¹¹⁵ In *S v Mphungathe*¹¹⁶ wysdie hof daarop dat praktiese ervaring geleer het dat beskuldigdes in geweldsmisdade dikwels hul drankiname en die uitwerking wat dit op hulle gehad het, sal oordryf. Die hof verwys in sy uitspraak na die vermaning in die *Chretien*-saak¹¹⁷ en bevind dat die aanklaer in *Mphungathe* te geredelik ’n pleit van skuldig aan die oortreding van artikel 1(1) aanvaar het. In *S v V*¹¹⁸ weer voer die hof aan dat dit verkeerd is om slegs in uitsonderlike gevalle te bevind dat die beskuldigde weens dronkenskap ontoerekeningsvatbaar was, en dat daar geen rede is hoekom die gewone bewysstandaard nie ook op die beoordeling van ’n persoon se toerekeningsvatbaarheid as gevolg van dronkenskap toegepas kan word nie.¹¹⁹

Ook hier het De Chermont¹²⁰ met sy voorgestelde wysiging aan die wet ’n oplossing gebied deur die woorde “reasonable doubt” te gebruik, wat daarop neerkom dat waar daar slegs redelike twyfel oor toerekeningsvatbaarheid heers, dit voldoende vir ’n skuldigbevinding is:

Anybody who voluntarily consumes or uses any substance which has an effect on his mental faculties, knowledge or intention, while he knew or should have known that the particular substance could or does have such an effect, and while being so affected engages in conduct which constitutes a crime, of which violence is an element, but who cannot be convicted of such crime because of **reasonable doubt** whether he at the time of the conduct

(a) had the ability to appreciate the wrongfulness of his actions, or to act in accordance with such appreciation of wrongfulness; or

(b) had the necessary intention required for a conviction of the particular crime, is guilty of a crime and on conviction liable to the punishment of ...

5.2 Samevatting

'n Opsomming van die huidige standpunt oor dronkenskap as verweer in Suid-Afrika sien dus soos volg daar uit:¹²¹

(a) Wanneer die beskuldigde so dronk was dat hy nie willekeurig gehandel het nie, en dus in 'n toestand van outomatisme opgetree het, sal hy ingevolge *Chretien* nie skuldig bevind mag word aan die hoofklag teen hom nie, maar wel aan die oortreding van artikel 1 van die Strafwysigingswet. In sekere gevalle sal die dronkenskap ook strafverswarend kan wees ingevolge artikel 2 van die wet.¹²²

(b) Wanneer die beskuldigde so dronk was dat hy nie ten tye van misdadpleging toerekeningsvatbaar was nie, sal hy ingevolge *Chretien* eweneens nie aan die hoofklag teen hom skuldig bevind mag word nie, maar wel aan die oortreding van artikel 1. In sekere gevalle sal die dronkenskap ook strafverswarend kan wees ingevolge artikel 2 van die wet.¹²³

(c) Wanneer die beskuldigde nie dronk genoeg was om as ontoerekeningsvatbaar beskou te word nie, dog dronk genoeg om nie opset te kon vorm nie, sal hy ingevolge *Chretien* nie aan 'n opsetmisdad skuldig bevind mag word nie. Hy sal ook nie skuldig bevind kan word aan die oortreding van artikel 1 nie, omdat die bewoording van die wet nie so 'n situasie dek nie. Wanneer die beskuldigde egter aangekla word van 'n misdad wat skuld in die vorm van opset vereis, en sy dronkenskap sy opset uitgeskakel het, mag hy steeds skuldig bevind word aan 'n alternatiewe nalatigheds misdad of aan 'n geoorloofde uitspraak. 'n Beskuldigde wat byvoorbeeld van moord aangekla dog as gevolg van sy dronkenskap nie skuldig bevind mag word nie, kan dan aan strafbare manslag skuldig bevind word, wat altyd 'n geoorloofde uitspraak op 'n aanklag van moord is.¹²⁴ Hier moet egter daarop gelet word dat indien die aanklag byvoorbeeld aanranding is, waarvoor daar geen nalatighedsopsie bestaan nie, 'n algehele kwytskelding sal volg.

(d) Wanneer 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdad waarvan die skuldelement in die vorm van nalatigheid vereis word, en daar bewys word dat die beskuldigde ten tye van misdadpleging besope was, sal die dronkenskap nie die beskuldigde se nalatigheid uitkakel nie. Intendeel, die dronkenskap sal juis gebruik kan word om nalatigheid te bewys.

(e) As 'n beskuldigde in 'n besope toestand 'n misdad pleeg, maar ondanks die dronkenskap steeds aan al die elemente van strafregtelike aanspreeklikheid voldoen, sal hy skuldig bevind mag word aan die hoofklag, maar sal die dronkenskap as strafversagting kan dien.

6. Die standpunt in Kanada

Die volgende statistieke oor alkohol en misdad toon watter groot werklikheid dronkenskap, misdad en die verweer van dronkenskap in Kanada is. Volgens Health and Welfare Canada drink gemiddeld 8% van die Kanadese bevolking meer as 15 drankies per week.¹²⁵ Alhoewel min navorsers pertinent aanvoer dat drank die oorsaak van misdad is, beweer die meeste navorsers dat drank 'n sterk verband met geweldsmisdad toon.¹²⁶ Een uit elke vyf Kanadese is al in die een of ander vorm aangerand deur iemand wat alkohol ingeneem het.¹²⁷ Alkohol is ook as 'n risikofaktor vir geweld teen vroue uitgewys.¹²⁸ In 1993 het 55% van alle mans wat

hulle lewensmaats vermoor het, die een of ander hoeveelheid alkohol ingeneem.¹²⁹ Volgens Bondy¹³⁰ is die meeste Kanadese dit eens dat alkohol die waarskynlikheid van aggressiewe gedrag verhoog en dat enigiemand wat in 'n erge graad dronk word, vir sy dae aanspreeklik gehou moet word.

Wat dronkenskap as strafregtelike verweer betref, het die Kanadese regstelsel op 'n soortgelyke wyse as Suid-Afrika s'n ontwikkel, naamlik deurdat 'n hofspraak¹³¹ die aanvaarde regstandpunt omvergegooi het en die wetgewer moes ingryp om die gevolge van die regspraak te beheer.

6.1 *Historiese oorsig*

Nog voor die opspraakwekkende saak *R v Daviault*¹³² het die verweer van dronkenskap in die Kanadese reg kortliks soos volg daar uitgesien:

(a) Daar is 'n onderskeid getref tussen misdade wat 'n spesifieke opset vereis en misdade wat net 'n algemene opset vereis.¹³³ Die vereiste algemene opset was so 'n minimale geestelike of verstandelike element dat slegs die willekeurige handeling genoeg kon wees om die opset-element te bewys. Vir skuldigbevinding aan 'n misdaad wat 'n spesifieke opset vereis, moet die beskuldigde die meer spesifieke vorm van opset kon gevorm het.¹³⁴

(b) Daar is aanvaar dat dronkenskap nie die minimale opset, met ander woorde die algemene opset, kon uitskakel nie. Dronkenskap kon egter spesifieke opset uitskakel, omdat daar aanvaar is dat 'n persoon wie se geestestoestand dermate deur alkohol of dwelms aangetas was dat hy nie die vereiste spesifieke opset vir die misdryf kon vorm nie, nie aan daardie misdryf skuldig kan wees nie.¹³⁵

(c) Getuienis oor dronkenskap is net in gevalle waar die misdryf 'n spesifieke opset vereis het, toegelaat, en nie in gevalle wat algemene opset vereis het nie.¹³⁶

6.2 *Die Daviault-beslissing*

R v Daviault het bogenoemde standpunt verander. Daviault was 'n 72-jarige alkoholis wat daarvan beskuldig is dat hy 'n 65-jarige vrou uit haar rolstoel gesleep en seksueel aangerand¹³⁷ het.¹³⁸ Die voorval is as 'n gewelddadige aanranding van 'n bejaarde vrou met gestremdhede beskryf. Tydens die voorval het Daviault blykbaar 'n alkoholiese beswyming ("blackout") beleef nadat hy gedurende die dag agt biere en kort voor die voorval 1,035 liter¹³⁹ brandewyn gedrink het.¹⁴⁰ Volgens die deskundige getuies vir die verdediging sou 'n bloedalkoholvlak soos dié van die beskuldigde 'n koma of die dood by 'n gewone mens tot gevolg hê, en was die beswyming¹⁴¹ wel moontlik in die beskuldigde se geval.¹⁴² Die verhoorhof het die beskuldigde onskuldig bevind omdat die getuienis volgens die hof redelike twyfel geskep het oor of die beskuldigde die minimum geestesopset ("mental intent") gehad het om sonder die slagoffer se toestemming seksuele kontak met haar te hê.¹⁴³ In 1993 het die Quebecse appèlhof die verhoorhof se besluit omgekeer omdat vrywillige dronkenskap volgens die hof nie 'n verweer teen 'n gewone-opset-misdaad kon wees nie.¹⁴⁴ Die beskuldigde het hierteen geappelleer, en in 1994 het die Kanadese hoogste hofwever in die beskuldigde se guns beslis, naamlik dat hy wél die verweer suksesvol kon opper.¹⁴⁵

Die hoogste hof se uitspraak het grootskaalse verwarring gesaai.¹⁴⁶ Die hof het egter nie Daviault se skuld of onskuld op die oorspronklike klag van seksuele aanranding aangeroei nie. Die hof het ook nie oorweeg of die beskuldigde buitengewoon dronk was nie, maar dit gewoon as 'n feit aanvaar. Die enigste regspraak waarvoor die hoogste hof moes beslis, was of die Quebecse appèlhof korrek was in sy bevinding dat vrywillige dronkenskap nie as 'n verweer vir 'n algemene-opset-misdaad kan dien nie.¹⁴⁷ Die hoogste hof het die saak terugverwys na die verhoorhof, wat die beskuldigde later vrygespreekhet om redes wat nie met hierdie navorsing verband hou nie en met 'n gebrek aan staatsgetuienis te doen gehad het.¹⁴⁸

6.2.1 Die besonderhede van die beslissing

Die regters wat die meerderheidsbeslissing gelewer het, het veral op artikels 7 en 11(d) van die Kanadese handves van regte en vryhedegesteun. Dit lui:

7. Everybody has the right to life, liberty and security of the person and the right not to be deprived thereof except in accordance with the principles of fundamental justice.

11. Any person charged with an offence has the right –
(d) to be presumed innocent until proven guilty according to law in a fair and public hearing by an independent and impartial tribunal.

Kragtens bostaande twee artikels bevind die meerderheid regters in die *Daviault*-beslissing dat wanneer daar beweer word dat 'n beskuldigde so dronk was dat hy nie bewus was van wat hy gedoen het nie, hy toegelaat moet word om 'n verweer van dronkenskap te opper, selfs met 'n misdaad wat slegs algemene opset vereis.¹⁴⁹ Hulle het dus besluit dat die beskuldigde die fundamentele reg het om te probeer bewys dat die vereiste minimum geesteselement vir skuldigbevinding ontbreek het, al was die sukses daarvan nie gewaarborg nie.¹⁵⁰ Indien dronkenskap nie as verweer teen 'n algemene-opset-misdaad gebruik kon word nie, het hulle aangevoer, sou dit in wese sekere beskuldigdes van fundamentele geregtigheid ontnem, omdat 'n beskuldigde dan, in stryd met die handves, skuldig bevind sou word aan die beweerde misdaad sonder inagneming daarvan of die beskuldigde werklik oor die subjektiewe geesteselement beskik het om so 'n skuldigbevinding te regverdig.¹⁵¹

Wat betref die feite van die saak verklaar die hof dat dit verkeerd sou wees om van Daviault se gedrag af te lei dat hy die geestesopset gehad het om seksuele aanranding te pleeg, omdat hy moontlik ten tye van die beweerde aanranding onwillekeurig gehandel het.¹⁵² Die meerderheid regters het twee spesifieke redes aangevoer waarom dit onregverdig sou wees om die opset vir die aanranding op die beskuldigde se alkoholmisbruik te grond: Eerstens volg gewelddadige optrede nie noodwendig op alkoholmisbruik nie en kan daar dus nie gesê word dat die beskuldigde ten tye van die alkoholname geweet het dat hy krimineel sou optree nie.¹⁵³ Tweedens kan die geestestoestand gedurende alkoholmisbruik nie gelykgestel word aan die geestestoestand wat die staat vir skuldigbevinding aan 'n misdaad moet bewys nie.¹⁵⁴

Die meerderheid regters beslis voorts dat 'n beskuldigde wat 'n verweer van ekstreme dronkenskap opper, 'n swaarder bewyslas moet bevredig. In plaas daarvan om net te bewys dat daar redelike twyfel bestaan oor of hy oor die vereiste geestestoestand vir skuldigbevinding aan die misdryf beskik het of nie, sal die beskuldigde op 'n oorwig van

waarskynlikheid moet bewys dat hy inderdaad in 'n toestand van outomatisme of geestesongesteldheid verkeer het en juis daarom nie die nodige opset kon vorm nie.¹⁵⁵ In die praktyk beteken die beslissing oor die bewyslas dat die beskuldigde in sy verhoor oor die inname van die alkohol en die uitwerking daarvan moet getuig, moontlik stawende bewyse moet lewer van die hoeveelheid alkohol wat hy ingeneem het, en ook deskundige getuienis oor die waarskynlike gevolge van sy alkoholiname sal moet voorlê om die hof te probeer oortuig dat hy meer waarskynlik as nié in 'n toestand van ekstreme dronkenskap verkeer het.¹⁵⁶

Na aanleiding van die beslissing dat die beskuldigde sy verweer op 'n oorwig van waarskynlikheid moet bewys, het die hoogste hof die saak vir herverhoor terugverwys na die verhoorhof, waar Daviault onskuldig bevind is om redes wat vir hierdie navorsing irrelevant is.¹⁵⁷

Drie van die nege regters het nie met die meerderheidsargument en resultaat hier bo saamgestem nie. Volgens hulle is alkoholmisbruik tot op die punt van 'n beswyming laakbaar genoeg om 'n skuldigbevinding aan 'n misdryf soos seksuele aanranding te regverdig, en is straf ook gepas omdat die beskuldigde sy eie onvermoë vrywillig veroorsaak het.¹⁵⁸ Hierdie regters was dus ten gunste daarvan dat 'n beskuldigde wat van 'n algemene-opset-misdaad aangekla word, geensins 'n verweer van dronkenskap toegelaat moet word nie.¹⁵⁹

6.2.2 Die gevolge van die Daviault-beslissing vir die Kanadese regstelsel

Die eerste gevolg van die Daviault-beslissing was dat dit 'n nuwe verweer van ekstreme dronkenskap vir algemene-opset-misdade beskikbaar gestel het. Dit beteken dat die verweer teen aanklagte van byvoorbeeld aanranding, seksuele aanranding, strafbare manslag, dwelmbesit, ens. gebruik kon word.¹⁶⁰ Sheehy¹⁶¹ wys tereg op die probleem wat dit meebring het, naamlik dat beskuldigdes wat die dronkenskapverweer teen 'n aanklag van moord gebruik, nou ook in sekere gevalle (waar hul handeling as gevolg van ekstreme dronkenskap onwillekeurig was) nie aan die ingeslote klag van strafbare manslag skuldig bevind mag word nie. As 'n beskuldigde op hierdie wyse onskuldig bevind word, mag die regter hom natuurlik ook nie straf nie en sal hy geen misdaadgeskiedenis hê nie.

Tog lê die beduidendste gevolg vir die regswerking van Kanada in die kompromis tussen die streng toepassing van die spesifieke-opset-teorie, en die afskaffing daarvan in ruil vir die toepassing van gewone beginsels van strafregtelike aanspreeklikheid.¹⁶² Volgens Burchell¹⁶³ het hierdie kompromis, wat die dronkenskapverweer ook beskikbaar stel vir misdade wat selfs net gewone opset vereis, min steun ontvang, en was diegene wat 'n meer liberale benadering steun, asook diegene wat die gebruik van hierdie verweer selfs verder wil beperk, daarteen gekant.¹⁶⁴ Teenkating van dié met 'n meer liberale benadering was gegrond daarop dat daar steeds 'n beperking is op die gebruik van dié verweer vir 'n gewone-opset-misdaad, naamlik dat dit net gebruik mag word waar die dronkenskap so ernstig is dat dit outomatisme of kranksinnigheid teweegbring. Die dronkenskapverweer sal dus gebruik mag word vir sowel 'n spesifieke-opset-misdaad as 'n gewone-opset-misdaad waar die dronkenskap die beskuldigde onwillekeurig laat handel het.¹⁶⁵ Burchell¹⁶⁶ stem byvoorbeeld nie saam met die hof se beperkende benadering nie. Volgens hom sou dit beter wees as die hof die spesifieke-opset-reël in die geheel ongrondwetlik verklaar het, eerder as om gewig daaraan te probeer verleen.

Nóg 'n gevolg van die uitspraak is die omkeer van die normale bewyslas: indien die beskuldigde in 'n gewone-opset-misdaad beweer dat hy so dronk was dat hy nie willekeurig gehandel het nie, rus die bewyslas op daardie beskuldigde om dit te bewys.¹⁶⁷ Burchell¹⁶⁸ meen tereg dat die hof met dié omkeer van die bewyslas, asook bogenoemde middeweg tussen die volle toepassing van die spesifieke-opset-teorieën die algehele afskaffing daarvan, bloot een onreg deur 'n ander vervang het.

Al wys Bondy¹⁶⁹ daarop dat die verweer van ekstreme dronkenskap net in ongewone omstandighede geopper mag word, en ook slegs in seldsame gevalle sal slaag, is die verweer al 'n paar keer na die *Daviault*-beslissing suksesvol geopper.¹⁷⁰ In *R v Blair*¹⁷¹ het die beskuldigde byvoorbeeld na 'n twee dae lange drinksessie sy vrou aangerand. Die regter lê klem daarop dat die beskuldigde 'n alkoholis was en dat geweld algemeen in sy familie voorgekom het, maar beslis steeds dat daar geen vorige geweld teenoor sy vrou was nie en dat sy optrede dus aangevuur was deur iets ver verwyderd van sy vrye wil, en daarom onwillekeurig was.¹⁷² Sheehy¹⁷³ verwys weer na *R v Thériault*, waar 'n man 5 g kokaïen gesluk en sy lewensmaat daarna ernstig aangerand en met die dood gedreig het. Op grond van die beskuldigde en 'n sielkundige se getuienis oor die hallusinasies wat dié dwelm veroorsaak, bevind die hof die beskuldigde onskuldig.¹⁷⁴

6.3 Ontwikkeling op wetgewende gebied

Volgens Bondy¹⁷⁵ was die verandering wat die *Daviault*-beslissing teweeggebring het, deel van 'n groter verskuiwing in die Kanadese strafwetboek (Canadian Criminal Code). Die federale regering het verskeie dokumente gepubliseer wat die implikasies van *Daviault* in gewone taal beskryf en die meriete bespreek het van verskillende wetsmoontlikhede om die implikasies te beheer. Bondy¹⁷⁶ vat hierdie dokumente soos volg saam:

6.3.1 Hervorming van die Kanadese strafwetboek en die bepalings van die witskrif

Die Kanadese strafwetboek bestaan uit drie dele, wat onderskeidelik oor algemene kwessies, strafregtelike oortredings en prosedures handel. Die algemene deel bevat die basiese omskrywings en beginsels wat op die res van die teks en op federale wetgewing van toepassing is. Dit bied ook 'n uiteensetting van die nodige elemente vir strafregtelike aanspreeklikheid, asook die doel en toepassing van alle moontlike verwerre wat die beskuldigde mag opper.¹⁷⁷

Verskeie studies oor die algemene deel van die Kanadese strafwetboek oor die tydperk 1987 tot 1993 het daarop gedui dat dit nie die waardes en bekommernisse van die moderne Kanadese samelewing weerspieël nie, en dat hervorming lankal moes plaasgevind het. 'n Selfs belangriker bevinding van die studies was dat die algemene deel van die Kanadese strafwetboek nie die invloed van die Kanadese handves van regte en vryhede¹⁷⁸ weerspieël nie.¹⁷⁹ Kort daarna, in Junie 1993, het die Minister van Justisie 'n witskrifuitgevaardig met 'n voorgestelde nuwe algemene deel vir die strafwetboek vir komitee- en algemene bespreking. Die bepalings van die witskrif is meestal uit regspraak en die vertolking van die Kanadese handves van regte en vryhede afgelei.¹⁸⁰

Artikel 12.1 van paragraaf 2 van die witskrif omskryf die elemente van 'n strafregtelike oortreding soos volg:¹⁸¹ "No person commits an offence unless that person commits the act, or makes the omission, voluntarily." Dié artikel wys op die bepaling wat reeds voor *Daviault*

bestaan het dat 'n beskuldigde nie aan 'n misdaad skuldig bevind mag word indien hy nie aan die minimum element van willekeurigheid voldoen soos wat vir die verskillende misdade vasgestel is nie.¹⁸²

Artikel 35 omskryf die aard en beskikbaarheid van die verweer van vrywillige dronkenskap:

35.(1) Self-induced intoxication does not form the basis of a defence to, or negate criminal responsibility for, an offence, unless

(a) the description of the offences specifies, or the law otherwise provides, that there be a motive, purpose or intention in addition to the basic intention to commit the act or omission specified in the description of the offence; and

(b) either

(i) the self-induced intoxication negates a motive, purpose or intention, other than the basic intention, referred to in paragraph (a), whether or not it also negates that basic intention, or

(ii) the self-induced intoxication results in a mistaken belief as to a circumstance, whether or not the circumstance is specified in the description of the offence, which mistaken belief would form the basis of a defence to, or negate criminal responsibility for, the offence.

(2) Notwithstanding anything in this section, self-induced intoxication does not form the basis of a defence to, or negate criminal responsibility for, an offence, where

(a) this Act or any other Act of Parliament so provides;¹⁸³

(b) intoxication is an element of the offence; or

(c) the person became intoxicated in order to be fortified to commit the offence.

(3) Nothing in this section shall be construed as affecting the operation of section 16 or 16.1.

Volgens artikel 35 mag die verweer van dronkenskap dus slegs in baie beperkte omstandighede gebruik word, naamlik om spesifieke opset uit te sluit of te versag, of om 'n feitedwaling te bewys.¹⁸⁴ Misdade wat spesifieke opset vereis, verg 'n hoër graad van opsetlikheid. Die beste voorbeelde van so 'n misdaad is moord of inbraak met die opset om 'n strafbare oortreding te begaan. Volgens artikel 35(2)(b) sal die verweer van vrywillige dronkenskap egter nie beskikbaar wees vir die beskuldigde wat aangekla word van 'n misdaad met dronkenskap as element nie, waaronder dronkbestuur.¹⁸⁵

Die uitwerking van artikel 35(3) is dat die beperkings op die gebruik van die dronkenskapverweer nie sal geld indien dit teenstrydig is met die bepaling van outomatisme wat in artikel 16.1 omskryf wordnie.¹⁸⁶ Artikel 16.1 lui wel:

16.1 (1) No person is criminally responsible for an act committed or an omission made while in a state of automatism.

(2) In this section, “automatism” means a state of unconsciousness or partial consciousness that renders a person incapable of consciously controlling their behaviour while in that state.

(3) The burden of proof of showing automatism is on the party that raises the issue, on a balance of probabilities.

Artikel 16.1 omskryf dus persone se grondwetlike reg om nie aanspreeklik gehou te word vir hul handeling indien dit die gevolg was van ’n toestand van aangetaste bewussyn (“altered consciousness”) en plaasgevind het sonder die minimum vereiste van willekeurige beheer in artikel 12 nie.¹⁸⁷ Wanneer die beskuldigde egter outomatisme aanvoer, sal hy dit ook op ’n oorwig van waarskynlikheid moet bewys, omdat artikel 16.1 die bewyslas op hom plaas.¹⁸⁸

6.3.2 Wetsontwerp C-72 en artikel 33.1 van die Kanadese strafwetboek

Die hewige teenkating en kritiek teen die Kanadese hoogste hof se beslissing in die *Daviault*-saak het ’n openbare oproep om wetgewende verandering tot gevolg gehad.¹⁸⁹ Die debat oor ’n gepaste regeringsreaksie op *Daviault* het gedraai om die behoefte aan balans tussen, aan die een kant, die individu se regte in ’n vry en demokratiese samelewing om nie onregverdig verhoor en gevange geneem te word nie, en, aan die ander kant, die beperking van enige moontlike leed vir die publiek wat uit die beskerming van voormelde regte kan spruit.¹⁹⁰

Op 24 Februarie 1995 het die Minister van Justisie wetsontwerp C-72 in die laerhuis van die Kanadese parlement ter tafel gelê. Wetsontwerp C-72 handel spesifiek oor die dronkenskapverweer. Die laerhuis het die hersiene wetsontwerp op 22 Junie 1995 aanvaar, en dit het op 15 September daardie jaar in werking getree.¹⁹¹

Die aanhef van die wetsontwerp toon hoe gevoelig die Kanadese regstelsel daarvoor geword het dat geweld, veral geslagsgeweld, dikwels met alkoholmisbruik verband hou.¹⁹² Met die wetsontwerp het die Kanadese regering, soos Bondy¹⁹³ dit stel, die moreel voordelige standpunt ingeneem deur besopenes se strafregtelike aanspreeklikheid vir skadelike handeling te beklemtoon eerder as die dronkenskap self. Die bewoording van die wetsontwerp toon duidelik dat dit die bedoeling van die Kanadese reg is om alkoholverwante geweld te voorkom.¹⁹⁴ Wetsontwerp C-72 lui:

BILL C-72

An Act to amend the Criminal Code (self-induced intoxication)

WHEREAS the Parliament of Canada is gravely concerned about the incidence of violence in Canadian society;

WHEREAS the Parliament of Canada recognizes that violence has a particularly disadvantageous impact on the equal participation of women and children to security of

the person and to the equal protection and benefit of the law as guaranteed by sections 7, 15 and 28 of the Canadian Charter of Rights and Freedoms;

WHEREAS the Parliament of Canada recognizes that there is a close association between violence and intoxication and is concerned that self-induced intoxication may be used socially and legally to excuse violence, particularly violence against women and children;

WHEREAS the Parliament of Canada recognizes that the potential effects of alcohol and certain drugs on human behavior are well known to Canadians and is aware of scientific evidence that most intoxicants, including alcohol, by themselves, will not cause a person to act involuntarily;

WHEREAS the Parliament of Canada shares with Canadians the moral view that people who, while in a state of self-induced intoxication, violate the physical integrity of others are blameworthy in relation to their harmful conduct and should be held criminally accountable for it;

WHEREAS the Parliament of Canada desires to promote and help to ensure the full protection of the rights guaranteed under sections 7, 11, 15 and 28 of the Canadian Charter of Rights and Freedoms for all Canadians, including those who are or may be victims of violence;

WHEREAS the Parliament of Canada considers it necessary to legislate a basis of criminal fault in relation to self-induced intoxication and general intent offences involving violence;

WHEREAS the Parliament of Canada recognizes the continuing existence of a common law principle that intoxication to an extent that is less than that which would cause a person to lack the ability to form the basic intent or to have the voluntariness required to commit a criminal offence of general intent is never a defence at law;

WHEREAS the Parliament of Canada considers it necessary and desirable to legislate a standard of care, in order to make it clear that a person who, while in a state of incapacity by reason of self-induced intoxication, commits an offence involving violence against another person, departs markedly from the standard of reasonable care that Canadians owe to each other and is thereby criminally at fault;

NOW, THEREFORE, Her Majesty, by and with the advice and consent of the Senate and House of Commons of Canada, enacts as follows:

1. The Criminal Code is amended by adding the following after section 33:

Self-induced intoxication

33.1 (1) It is not a defence to an offence referred to in ss (3) that the accused, by reason of self-induced intoxication, lacked the general intent or the voluntariness required to commit the offence, where the accused departed markedly from the standard of care as described in ss (2).

(2) For the purpose of this section, a person departs markedly from the standard of reasonable care generally recognized in Canadian society and is thereby criminally at fault, where the person, while in a state of self-induced intoxication that renders the person unaware of, or incapable of consciously controlling, their behavior, voluntarily or involuntarily interferes or threatens to interfere with the bodily integrity of another person.

(3) This section applies in respect of an offence under this Act or any other Act of Parliament that includes as an element an assault or any other interference or threat of interference by a person with the bodily integrity of another person.

Die wetsontwerp het 'n driedelige uitwerking. Eerstens kodifiseer dit die verweer van vrywillige dronkenskap vir misdade wat algemene opset vereis. Tweedens plaas dit 'n beperking op die gebruik van die verweer teen misdade wat slegs algemene opset vereis. Die verweer kan gebruik word slegs waar die beskuldigde nie afgewyk het van die redelike-sorgsaamheid-standaard in artikel 33.1(2) nie. In die derde plek bepaal dit dat daar van die sorgsaamheidsstandaard afgewyk word wanneer 'n ander persoon se liggaamlike integriteit geskend of daarmee ingemeng word.

Volgens Onn¹⁹⁵ was die regering se bedoeling met wetsontwerp C-72 dat die dronkenskapverweer dus nie gereedelik beskikbaar moet wees vir 'n beskuldigde wat 'n misdaad gepleeg het wat slegs algemene opset as skuldelement vereis nie.

6.4 Samevatting

Voor *Daviault* was die verweer van vrywillige dronkenskap in Kanada nie beskikbaar met betrekking tot 'n misdaad wat slegs algemene opset vereis nie.¹⁹⁶ Hierdie standpunt is verander toe die Kanadese hoogste hof in die *Daviault*-saak beslis het dat die verweer van vrywillige dronkenskap wél geopper mag word teen 'n misdaad wat slegs algemene opset vereis, byvoorbeeld seksuele aanranding.¹⁹⁷ Die *Daviault*-beslissing het groot teenkating en kritiek ontlok,¹⁹⁸ en die Kanadese regering het uiteindelik ingegryp met die uitvaardiging van artikel 33.1 van die Kanadese strafwetboek.¹⁹⁹ Anders as in die Suid-Afrikaanse reg, waar die wetgewer 'n statutêre misdaad geskep het,²⁰⁰ het die Kanadese wetgewer met artikel 33.1 'n beperking geplaas op die gebruik van die verweer van vrywillige dronkenskap. Ingevolge artikel 33.1 van die strafwetboek mag die verweer van vrywillige dronkenskap steeds spesifieke opset uitsluit, maar dit mag slegs teen 'n misdaad geopper word wat algemene opset vereis indien die beskuldigde nie afgewyk het van die sorgsaamheidsstandaard in artikel 33.1(2) nie. Kortom, die verweer is dus geensins beskikbaar teen 'n misdaad wat met 'n element van geweld of aanranding gepaardgegaan het nie, ongeag hoe dronk die beskuldigde was.

7. Vergelyking

Sowel Suid-Afrika as Kanada het histories die spesifieke-opset-teorie gevolg. Daarvolgens is misdade in twee groepe ingedeel, naamlik dié wat 'n spesifieke vorm van opset vereis en dié wat slegs 'n algemene vorm van opset vereis. In albei lande was die historiese uitgangspunt dat dronkenskap as 'n verweer gebruik kon word waar die betrokke misdaad spesifieke opset

vereis het. Waar die verweer van dronkenskap suksesvol geopper is, kon die beskuldigde aan 'n minder ernstige misdaad skuldig bevind word. Die dronkenskapverweer kon nie geopper word waar die misdaad slegs algemene opset vereis het nie.

Die beslissings in *Chretien* en *Daviault* het die historiese standpunt oor die verweer van dronkenskap in Suid-Afrika en Kanada wesenlik verander. In albei jurisdiksies is die spesifieke-opset-teorie ná hierdie beslissings afgeskaf. Boonop is dit nou moontlik om dronkenskap as verweer te opper teen nie net misdade wat “besondere” opset vereis nie, maar ook misdade wat slegs gewone opset vereis. In Kanada word hierdie moontlikheid gekwalifiseer deur te vereis dat die beskuldigde op 'n oorwig van waarskynlikheid moet bewys dat hy as gevolg van sy dronkenskap in 'n toestand soortgelyk aan outomatisme of geestesongesteldheid verkeer het en juis daarom nie die nodige opset kon vorm nie.

Die verskille tussen die Suid-Afrikaanse en Kanadese wetgewing wat in antwoord op bogenoemde beslissings uitgevaardig is, kan soos volg saamgevat word:

Eerstens skep die Suid-Afrikaanse wetgewing 'n nuwe statutêre misdaad waaraan 'n beskuldigde wat ten tye van misdadpleging dronk was, skuldig bevind kan word, naamlik oortreding van artikel 1 van die Strafwetboek. Artikel 33(1) van die Kanadese strafwetboek kodifiseer weer die verweer van vrywillige dronkenskap, en stel sekere vereistes vir die gebruik daarvan.

In die tweede plek, wat betref 'n misdaad wat slegs gewone opset vereis in Kanada, waar die beskuldigde op die onwillekeurigheid van sy handeling wil staatmaak, is die verweer van vrywillige dronkenskap nie vir hom beskikbaar waar hy van die vereiste sorgsaamheidsstandaard afgewyk het en die misdaad met geweld (“an element ... assault or any other interference or threat of interference ... with the bodily integrity of another person”)²⁰¹ gepaardgegaan het nie. Daarteenoor is daar met die oortreding van artikel 1 van die Strafwetboek van Suid-Afrika geen bepaling dat die misdaad 'n element van geweld moet bevat het nie.

Derdens verwys die Kanadese wetgewing nie na ontoerekeningsvatbaarheid nie, maar noem slegs die elemente van willekeurige handeling en opset wat vir skuldigbevinding vereis word. Die Suid-Afrikaanse wetgewing²⁰² verwys weer slegs na ontoerekeningsvatbaarheid as vereiste vir skuldigbevinding aan die oortreding van artikel 1 van die Strafwetboek.

Laastens, wat die bewyslas betref, rus dié las in Kanada op die persoon wat beweer dat sy gedrag as gevolg van dronkenskap onwillekeurig was.²⁰³ In Suid-Afrika rus die las op die staat om al die elemente van artikel 1 van die Strafwetboek te bewys, met inbegrip van die bewys van dronkenskap wat tot ontoerekeningsvatbaarheid aanleiding gegee het.²⁰⁴

8. Voorstelle

Met die verwerping van die reël van spesifieke opset, wat 'n middeweg tussen die toegeeflike en ontoegeeflike benaderings tot dronkenskap gebied het, kon die Suid-Afrikaanse standpunt na *Chretien* gewis slegs deur middel van wetgewing reggestel word. 'n Gebrek aan wetgewing sou immers 'n algeheel toegeeflike benadering ondersteun het wat nie in die

samelewing se belang sou wees nie. Die vraag is egter of die wetgewing wat in antwoord op *Chretien* uitgevaardig is, na wense bewoord is, en of artikel 1 van die Strafwysigingswet na aanleiding van die Kanadese voorbeeld moontlik verbeter kan word.

De Chermont se voorstel, wat Burchell²⁰⁵ ook ondersteun, verskaf tot dusver die mees bruikbare grondslag vir die verbetering van artikel 1. De Chermont stel die volgende herbewoording voor:²⁰⁶

Anybody who voluntarily consumes or uses any substance which has an effect on his mental faculties, knowledge or intention, while he knew or should have known that the particular substance could or does have such an effect, and while being so affected engages in conduct which constitutes a crime, of which violence is an element, but who cannot be convicted of such crime because of reasonable doubt whether he at the time of the conduct

(a) had the ability to appreciate the wrongfulness of his actions, or to act in accordance with such appreciation of wrongfulness; or

(b) had the necessary intention required for a conviction of the particular crime, is guilty of a crime and on conviction liable to the punishment of ...

Hierdie voorstel bring hoofsaaklik drie verbeteringe teweeg. Eerstens is die grootste probleem met die huidige bewoording van artikel 1 dat daar nêrens bepaal word dat die artikel van toepassing is waar die beskuldigde as gevolg van sy gebrek aan opset nie aan die hoofklag skuldig bevind is nie. De Chermont hanteer hierdie probleem in die (b)-gedeelte van die voorstel hier bo. Tweedens word ook die bewyslasprobleem deur die voorstel ondervang. Dit sal beslis wensliker wees indien artikel 1 slegs redelike twyfel oor toerekeningsvatbaarheid vereis om 'n skuldigbevinding te voltrek. De Chermont se voorstel maak hiervoor voorsiening. Derdens beperk die voorstel die toepassing van artikel 1 tot geweldsmisdrywe. Dit strook ook met die standpunt in Kanada wat in hierdie opsig vir ons as voorbeeld dien.

De Chermont se voorstel kan moontlik versterk word deur eerstens duidelikheid daaroor te bied of artikel 1 van toepassing is op 'n persoon wat weens dronkenskap nie willekeurig kon handel nie. Daar is tans onsekerheid oor of die artikel steeds geld waar die beskuldigde in die ergste graad van dronkenskap verkeer het. Hierdie onsekerheid kan uit die weg geruim word deur duidelik te bepaal dat die artikel van toepassing is waar 'n beskuldigde as gevolg van sy dronkenskap nie 'n willekeurige handeling kon uitvoer nie. Tweedens sou dit wensliker wees dat artikel 1 van toepassing gemaak word op misdade wat in die derde graad van dronkenskap gepleeg word net indien 'n nalatighedsopsie geheel en al ontbreek. Hiervoor maak De Chermont se wetswysigingsvoorstel nie tans voorsiening nie.

Na aanleiding van bogenoemde verdere voorstelle stel ons daarom voor dat De Chermont se wetswysigingsvoorstel met die volgende geringe wysigings (in vetdruk) aanvaar word:

Anybody who voluntarily consumes or uses any substance which has an effect on his mental faculties, knowledge or intention, while he knew or should have known that the particular substance could or does have such an effect, and while being so affected engages in conduct which constitutes a crime, of which violence is an element, but

who cannot be convicted of such crime because of reasonable doubt whether he at the time of the conduct

(a) had the ability to perform a voluntary act; or

(b) had the ability to appreciate the wrongfulness of his actions, or to act in accordance with such appreciation of wrongfulness; or

(c) had the necessary intention required for a conviction of the particular crime, **and where a lesser competent verdict requiring only negligence does not exist**, is guilty of a crime and on conviction liable to the punishment of...

Hierdie voorgestelde wysiging ondervang die grootste punte van kritiek teen die huidige artikel 1 van die Strafberegtingswet en bring ons regstelsel meer in pas met die sober benadering in buitelandse jurisdiksies soos Kanada, waar dronkenskap nie as verweer vir geweldsmisdrywe geld nie.

Bibliografie

Bondy, J.S. 1996a. A summary of public consultation on reform of the Criminal Code of Canada as related to a defense of self-induced intoxication resulting in automatism. *Contemporary Drug Problems*, 23:583–93.

—. 1996b. Self-induced intoxication as a defence in the criminal code of Canada: issues and discussion around *Daviault v. R.* *Contemporary Drug Problems*, 23:571–82.

Botha, R. en M. van der Merwe. 2013. Die tergende toekoms van provokasie as verweer in die Suid-Afrikaanse strafreg. *LitNet Akademies*, 10(2):81–108.

Burchell, J. 2011. *South African Criminal Law and Procedure. Volume 1. General Principles of Criminal Law*. 4de uitgawe. Kaapstad: Juta and Co.

—. 2013. *Principles of Criminal Law*. 4de uitgawe. Kaapstad: Juta and Co.

Cookson, H.M. 1992. Alcohol use and offence type among young offenders. *British Journal of Criminology*, 32(3):352–60.

De Wet, J.C. 1985. *De Wet en Swanepoel Strafberegting*. 4de uitgawe. Durban: Butterworth.

Jordaan, S. 2009. Intoxication as a multiple defence in the South African criminal law. *De Rebus*, Augustus, ble. 24–5.

Kemp, G. e.a. 2012. *Criminal Law in South Africa*. 1ste uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

Milton, J.R.L. 1988. Criminal capacity. *Annual Survey of South African Law*, 11(8):388.

Onn, A. 1996. Self-induced intoxication: balancing principles of justice and responsibility. *Contemporary Drug Problems*, 23:687–705.

Paizes, A. 1988. Intoxication through the looking-glass. *The South African Law Journal*, 105(4):776–88.

Sheehy, E. 1996. The intoxication defence in Canada: why women should care. *Contemporary Drug Problems*, 23:595–630.

Snyman, C.R. 2003. *S v Eadie*: the end of the road for the defence of provocation? *Acta Juridica*, 16(3):1–22.

—. 2009. Geweldsmisdade en die hervorming van die dronkenskapverweer. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 3:470–83.

—. 2014. *Criminal Law*. 6de uitgawe. Durban: LexisNexis.

Suid-Afrikaanse Regskommissie. 1986. *Report on Offences Committed under the Influence of Liquor or Drugs*. Projek 49.

Van der Merwe, S.E. 1990. Skuldig maar ontoerekeningsvatbaar dronk. *Stellenbosch Law Review*, 1(1):94–104.

Wilson, M. en M. Daly. 1994. Spousal homicide. *Juristat*, 14(8):1–14.

Eindnotas

¹ Hoewel hierdie navorsing slegs na drankiname verwys, word die inname van drank en ander dwelms dieselfde in strafsake hanteer (Burchell 2013:303).

² *Ibid.*

³ Beskikbaar by <http://www.alcohol.org.za/statistics> (27 Februarie 2012 geraadpleeg).

⁴ Snyman (2014:216).

⁵ Snyman (2014:219).

⁶ Snyman (2009:473; 2014:219).

⁷ Snyman (2014:219).

⁸ Snyman (*ibid*; 2009:473).

⁹ Suid-Afrika se moordstatistieke is meer as vyf keer hoër as die wêreldgemiddelde (Snyman 2014:22).

¹⁰ *S v Chretien* 1981 SA 1 1097 (A) 1103; *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994).

¹¹ Snyman (2014:34).

¹² Burchell (2013:47).

¹³ Burchell (2013:303); Snyman (2014:216).

¹⁴ Snyman (2014:217).

¹⁵ *Ibid*; Burchell (2011:316–7); sien ook *S v Hartyani* 1980 3 SA 613 (T).

¹⁶ Burchell (2013:304).

¹⁷ Snyman (2009:472); (2014:217); sien ook Burchell (2013:304).

¹⁸ Snyman (2014:217–8).

¹⁹ Burchell (2013:308).

²⁰ Snyman (2009:472).

²¹ Snyman (2014:218).

²² Onthoudingsverskynsels of hallusinasies, synde 'n geestestoestand wat deur oormatige alkoholmisbruik veroorsaak word.

²³ Snyman (2014:218).

²⁴ Art. 78(6) lui:

If the court finds that the accused committed the act in question and that he or she at the time of such commission was by reason of mental illness or intellectual disability not criminally responsible for such act –

(a) the court shall find the accused not guilty; or

(b) if the court so finds after the accused has been convicted of the offence charged but before sentence is passed, the court shall set the conviction aside and find the accused not guilty, by reason of mental illness or intellectual disability, as the case may be, and direct –

(i) in a case where the accused is charged with murder or culpable homicide or rape or compelled rape as contemplated in sections 3 or 4 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, respectively, or another charge involving serious violence, or if the court considers it to be necessary in the public interest that the accused be –

(aa) detained in a psychiatric hospital or a prison pending the decision of a judge in chambers in terms of section 47 of the Mental Health Care Act, 2002;

(bb) admitted to and detained in an institution stated in the order and treated as if he or she were an involuntary mental care health [sic] user contemplated in section 37 of the Mental Health Care Act, 2002;

(cc)

(dd) released subject to such conditions as the court considers appropriate; or

(ee) released unconditionally;

(ii) in any other case than a case contemplated in subparagraph (i), that the accused –

(aa) be admitted to and detained in an institution stated in the order and treated as if he or she were an involuntary mental health care user contemplated in section 37 of the Mental Health Care Act, 2002;

(bb)

(cc) be released subject to such conditions as the court considers appropriate;
or

(dd) be released unconditionally.

²⁵ Snyman (2014:218).

²⁶ *Ibid.*

²⁷ Snyman (2014:219).

²⁸ Snyman (2009:473).

²⁹ Snyman (2009:473; 2014:219).

³⁰ Snyman (2014:219).

³¹ Snyman (2009:473).

³² Snyman (2014:219; 2009:473).

³³ Snyman (2009:473).

³⁴ Volgens Snyman (2009:474) moet daar tog 'n mate van simpatie teenoor 'n dronk dader getoon word.

³⁵ Snyman (2014:219); sien ook De Wet (1985:124).

³⁶ 1981 1 SA 1097 (A).

³⁷ Jordaan (2009:24–5).

³⁸ Snyman (2014:219); sien ook De Wet (1985:125).

³⁹ Jordaan (2009:24–5).

⁴⁰ *Ibid.*

⁴¹ (1988:776).

⁴² 1981 1 SA 1097 (A).

⁴³ 1969 1 SA 201 (A).

⁴⁴ 1969 1 SA 201 (A) 202–3.

⁴⁵ 203.

⁴⁶ 204.

⁴⁷ *Ibid.*

⁴⁸ *Ibid.*; sien ook De Wet (1985:129).

⁴⁹ 212.

⁵⁰ 207.

⁵¹ 1981 SA 1 1097 (A) 1102.

⁵² *Ibid.*

⁵³ *Ibid.*

⁵⁴ 1102, 1103.

⁵⁵ 1103.

⁵⁶ Die beskuldigde in die verhoorhof.

⁵⁷ *S v Chretien* 1981 SA 1 1097 (A) 1103.

⁵⁸ *Ibid.*

⁵⁹ 1104, 1105; sien ook De Wet (1985:129).

⁶⁰ 1104; sien ook *R v Bourke* 1916 TPD 303, 305. Sien verder De Wet (1985:129).

⁶¹ Snyman (2014:220).

⁶² 1981 SA 1097 (A) 1105, 1106.

⁶³ (2014:222).

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ Snyman (2014:221).

⁶⁶ *S v Chretien* 1981 SA 1097 (A) 1108.

⁶⁷ (2013:307).

⁶⁸ Let daarop dat provokasie tans nie meer geredelik as verweer aanvaar word nie (sien Botha en Van der Merwe 2013:90–1 in hierdie verband).

⁶⁹ Burchell (2013:307); sien ook Snyman (2009:474–5; 2014:221).

⁷⁰ Snyman (2014:220).

⁷¹ Milton (1988:383). Sien ook *S v Pietersen* 1994 2 SACR 434 (K) waar die hof sê dat die resultaat in *Johnson*, wat op jarelange gebruik en aansienlike gesag gegrond was, na die hof se mening meer bevredigend as dié in *Chretien* is, al word die *Chretien*-beslissing as meer logies en juridies korrek aanvaar.

⁷² (2003:7-8).

⁷³ (2003:8).

⁷⁴ Alhoewel hierdie opname onder slegs wit mense gedoen is, meen Snyman dat dit onwaarskynlik is dat 'n opname wat alle rassegroepe insluit 'n ander resultaat sal oplewer.

⁷⁵ Van der Merwe (1990:94).

⁷⁶ Paizes (1988:779).

⁷⁷ Burchell (2013:309).

⁷⁸ Milton (1988:383).

⁷⁹ Burchell (2013:315); Snyman (2014:224).

⁸⁰ *S v Maki* 1994 2 SACR 414 (OK) 418–9; sien ook Snyman (2014:224).

⁸¹ 1990 1 SACR 199 (W) 204b-d; sien ook Burchell (2013:309); Snyman (2014:225).

⁸² Snyman (2014:225–6).

⁸³ Snyman (2009:475); (2003:9).

⁸⁴ (1988:777).

⁸⁵ Paizes (1988:32–3).

⁸⁶ Burchell (2013:312).

⁸⁷ 1991 1 SA 307 (W) 107.

⁸⁸ Paizes (1988:777).

⁸⁹ Paizes (1988:778).

⁹⁰ *Ibid.*

⁹¹ (2014:225).

⁹² (1988:778).

⁹³ (2013:312–3).

⁹⁴ Paizes (1988:783).

⁹⁵ (1988:777).

⁹⁶ Snyman (2014:226).

⁹⁷ Burchell (2013:310).

⁹⁸ Snyman (2014:226).

⁹⁹ *Ibid.*

¹⁰⁰ 1981 1 SA 1097 (A) 1104–6.

¹⁰¹ Snyman (2014:227).

¹⁰² *Ibid.*

¹⁰³ *S v Ingram* 1999 2 SACR 127 (W) 131a–b; sien ook Burchell (2013:310).

¹⁰⁴ Snyman (2014:226); Burchell (2013:310).

¹⁰⁵ (2013:310).

¹⁰⁶ Suid-Afrikaanse Regskommissie (1986).

¹⁰⁷ Burchell (2013:315); tersaaklike voorgestelde wysigings onderstreep.

¹⁰⁸ (1988:780).

¹⁰⁹ Snyman (2014:227).

¹¹⁰ Van der Merwe (1990:99).

¹¹¹ Snyman (2014:227); sien ook Jordaan (2009:24); Kemp e.a. (2012:167).

¹¹² Snyman (2014:228); sien ook Paizes (1988:780); *S v Mbele* 1991 1 SA 307 (T) 311; *S v Griessel* 1993 1 SACR 178 (O) 180g–j.

¹¹³ *S v September* 1996 2 All SA 118 (A) 121–2.

¹¹⁴ (1988:781).

¹¹⁵ *S v Chretien* 1981 1 SA 1097 (A) 1106C–D; sien ook *S v Adams* 1986 4 SA 882 (A) 901 I–J; *S v September* 1996 1 SACR 325 (A) 332.

¹¹⁶ 1989 4 SA 139 (O) 144F.

¹¹⁷ 1981 1 SA 1097 (A) 1106F–G.

¹¹⁸ 1996 2 SACR 290 (K) 295–6.

¹¹⁹ Snyman (2014:228).

¹²⁰ Burchell (2013:315).

¹²¹ Snyman (2014:229–30).

¹²² Burchell (2013:314).

¹²³ *Ibid.*

¹²⁴ Art. 258 Strafproseswet 51 van 1977.

¹²⁵ Sheehy (1996:605).

¹²⁶ Cookson (1992:359).

¹²⁷ Sheehy (1996:605).

¹²⁸ *Ibid.*

¹²⁹ Wilson en Daly (1994:6).

¹³⁰ (1996a:578).

¹³¹ *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994).

¹³² 1994 3 SCR 63 (1994).

¹³³ Burchell (2013:317; 2011:330–1).

¹³⁴ Onn (1996:689).

¹³⁵ *Ibid.*

¹³⁶ *Ibid.*

¹³⁷ Hierdie misdaad vereis slegs algemene opset.

¹³⁸ 1994 3 SCR 63 (1994) 63–4.

¹³⁹ “35 ounces”.

¹⁴⁰ 1994 3 SCR 63 (1994) 64.

¹⁴¹ ’n Toestand waartydens die persoon dalk kan handel, maar nie na die tyd enigiets kan onthou nie.

¹⁴² 1994 3 SCR 63 (1994) 64.

¹⁴³ *Ibid.*

¹⁴⁴ *Ibid.*; sien ook Bondy (1996a:572).

¹⁴⁵ *Ibid.*

¹⁴⁶ Bondy (1996a:572).

¹⁴⁷ *Ibid.*

¹⁴⁸ Bondy (1996a:573).

¹⁴⁹ Onn (1996:689).

¹⁵⁰ Bondy (1996a:573); Onn (1996:689–90).

¹⁵¹ 1994 3 SCR 63 (1994) 65, 92; sien ook Sheehy (1996:600).

¹⁵² 1994 3 SCR 63 (1994) 87, 89–91; sien ook Sheehy (1996:600).

¹⁵³ *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994) 88–9.

¹⁵⁴ *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994) 89–90; sien ook Onn (1996:690).

¹⁵⁵ 1994 3 SCR 63 (1994) 101–3; sien ook Sheehy (1996:602).

¹⁵⁶ Die eerste en laaste vereiste is uitdruklik genoem in *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994) 101, 103; sien ook Sheehy (1996:602).

¹⁵⁷ Bondy (1996a:573).

¹⁵⁸ *R v Daviault* 1994 3 SCR 63 (1994) 67.

¹⁵⁹ Sheehy (1996:603).

¹⁶⁰ Sheehy (1996:607).

¹⁶¹ *Ibid.*

¹⁶² Burchell (2011:332).

¹⁶³ *Ibid.*

¹⁶⁴ Burchell (2011:332 vn. 109).

¹⁶⁵ Burchell (2011:332).

¹⁶⁶ *Ibid.*

¹⁶⁷ Burchell (2011:332–3).

¹⁶⁸ Burchell (2011:333).

¹⁶⁹ (1996a:573).

¹⁷⁰ Sheehy (1996:603).

¹⁷¹ [1994] AJ No. 807 (QB, 28 Oktober 1994).

¹⁷² [1994] AJ No. 807 (QB, 28 Oktober 1994) 3, 4.

¹⁷³ (1996:604).

¹⁷⁴ *Ibid.*

¹⁷⁵ Bondy (1996b:583).

¹⁷⁶ *Ibid.*

¹⁷⁷ Bondy (1996b:584).

¹⁷⁸ In 1982 uitgevaardig.

¹⁷⁹ Bondy (1996b:584).

¹⁸⁰ *Ibid.*

¹⁸¹ *Ibid.*

¹⁸² Bondy (1996b:586).

¹⁸³ Art. 273.2(a)(i) van die Kanadese Strafwetboek bepaal m.b.t die misdade van “sexual assault”, “sexual assault with a weapon”, “threats to a third party or causing bodily harm” en “aggravated sexual assault” die volgende: “It is not a defence to a charge under section 271, 272 or 273 that the accused believed that the complainant consented to the activity that forms the subject-matter of the charge, where the accused’s belief arose from the accused’s self-induced intoxication.”

¹⁸⁴ Bondy (1996b:586).

¹⁸⁵ *Ibid.*

¹⁸⁶ *Ibid.*

¹⁸⁷ *Ibid.*

¹⁸⁸ *Ibid.*

¹⁸⁹ Onn (1996:690).

¹⁹⁰ Bondy (1996a:574).

¹⁹¹ Bondy (1996b:588).

¹⁹² Bondy (1996a:578).

¹⁹³ *Ibid.*

¹⁹⁴ *Ibid.*

¹⁹⁵ (1996:690).

¹⁹⁶ Burchell (2011:330–1).

¹⁹⁷ 1994 3 SCR 63 (1994) 64; sien ook Bondy (1996a:572).

¹⁹⁸ Onn (1996:690).

¹⁹⁹ Bondy (1996b:588).

²⁰⁰ Art. 1 Strafwetwysigingswet.

²⁰¹ Art. 33.1 Kanadese Strafwetboek.

²⁰² Art. 1.

²⁰³ Bondy (1996b:586).

²⁰⁴ Van der Merwe (1990:00); sien ook Snyman (2014:227).

²⁰⁵ Burchell (2011:337).

²⁰⁶ Burchell (2011:330).